

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 19, No. 5

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Sep-Okt 2019 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

Die rit is byna verby

'n Goeie vriend, wat nou reeds oorlede is, het my eendag vertel dat 'n paar van sy vriende van die noorde hom gedurig gespot het oor sy Noord Carolina aksent. "Ek verstaan dit nie", het hy met sy plattelandse wysheid gesê. "Almal kom tog van een of ander plek af".

Hoe reg was hy nie! Ons kom almal van êrens af – van die een of ander kultuur en van twee ouers – waarvan ons nie een kon kies nie.

My pa was in die weermag en gevolglik het ons gesin baie verhuis. Daar was nadele daaraan verbonde om vriende en skole gereeld agter te laat, maar daar was ook baie geleenthede om vir die nadele te vergoed en een daarvan was die geleentheid om in verskillende dele van die land en die wêreld te woon. Ek was bevoorreg om Alaska my tuiste te noem voordat dit 'n Amerikaanse staat geword het. Ek het twee jaar in Engeland deurgebring en het mettertyd vir verskillende tydperke in Kalifornië, Utah, Texas, Colorado en Suid-Dakota gewoon. Daarbenewens het ek as volwassene met my verantwoordelikhede in hierdie Werk, die voorreg gehad om in ander lande en state te woon en te werk. Ek was vir bykans 14 jaar in Kanada en een jaar in Engeland.

Onlangs het ek my vrou en haar suster op 'n toer na dele van die Verenigde State geneem wat

ek nog van my jeug af onthou, maar waar hulle nog nooit was nie. Natuurlik het daar intussen amper ses dekades verbygegaan en baie dinge het verander. Daar was dus min dinge wat ek kon herken, behalwe die groot skoonheid van die westelike "Mountain States". Ons kon nouliks 'n beter tyd vir hierdie reis gekies het. Dit was 'n baie nat winter en lente vir Colorado en Wyoming, alles was welig en groen. Sneeu het die berge verfraai en reënwolke het perfekte toestande van lig geskep wat asemrowende landskappe voor ons oë geskilder het.

Iemand het gesê daar is meer bokke in Wyoming as mense. Of dit nou waar is of nie, ek sou beslis nie die feit bevraagteken nie. Ons het ook die takbokke, Amerikaanse elande, groot-horing-skape en bisons in nog groter getalle teëgekomp namate ons Jackson Hole en Yellowstone Nasionale Park genader het. Wat 'n geseënde land is Amerika nie! Wanneer ek Amerika sê, bedoel ek meer as die Verenigde State. Ek sluit die tweede grootste land ter wêreld, Kanada in, aangesien ons ook Brits-Columbië besoek het en deur die skouspelagtige Kanadese Rockies gereis het.

Ons het egter ook negatiewe ervarings op ons reis gehad. Ons het na Denver gevlieg en om geld op motorhuur te spaar, het ek 'n motor in die

middestad gaan kry. Ek het drie jaar van my kinderjare in die “*Mile High City*” deurgebring en sulke aangename herinneringe daarvan gehad – maar dit was nie meer die stad wat ek onthou het nie. Soos soveel groot Amerikaanse stede, het Denver ook 'n “tuiste” vir baie haweloses geword. Reklameborde wat dagga vir ontspanning adverteer, kan die probleem net vererger en boonop het Colorado daardie jaar 'n wet goedgekeur wat “magiese sampioene” wettig. Dit wil voorkom asof die staat besluit het om sy reputasie van “*Mile High*” in 'n dwase rigting te stuur. Kanada het ook dagga (cannabis) gewettig. Watter maatskaplike voordeel sulke besluite kan inhou is moeilik om te begryp, maar ek is daarvan oortuig dat daar diegene is wat maar te gretig is om ten gunste daarvan te redeneer. Dit herinner my aan 'n T-hemp wat ek tydens die reis gesien het: “Ek stry nie, ek verduidelik net waarom ek REG is”.

Die Bron van hierdie seëninge wat verontagsaam is
God het seëninge van groot nasionale rykdom, oorvloed en militêre mag beloof aan die nasate van 'n man met die naam Josef, die broer van Juda. Aangesien hierdie nasionale seëninge aan Josef gegee is en nie aan Juda nie, verwys die beskrywing van wat in die laaste dae van Josef se nageslag sou word (Génesis

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Die rit is byna verby

Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Is Europa besig om vir oorlog voor te berei? 3

Europa is toenemend besig om sy eie vermoë vir oorlogvoering uit te brei. Watter faktore is besig om hierdie verandering in die hand te werk en watter impak sal hierdie tendens op die wêreld hê?

Oorloë en gerugte van oorloë 9

Oorleef en floreer in tye van spanning 10

Studies dui steeds daarop dat ons wêreld al hoe meer gespanne word. Die Bybel verskaf aan ons beginsels wat ons nie slegs help om die spanning te hanteer nie maar ook om karakter te bou.

Waarheen gaan ons van hier af? 15

Ongelukkig vir altyd daarna 16

'n Kommerwekkende nuwe poging is op pad om die verstand van kinders te verwar sodat hulle basiese beginsels verwerp van wat waar of vals is en wat reg of verkeerd is.

Londen Roep 5G – Revolusie of ramp? 21

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Die geskiedenis se belangrikste keerpunt 24

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Gerald E. Weston

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Kuns Redakteur

John Robinson

Besturende Redakteur

Wallace Smith

Streeksredakteurs

Robert Tyler (Australasië)

Stuart Wachowicz (Kanada)

Peter Nathan (Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekskantore

VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

VERENIGDE KONINKRYK:

Box 111, Berkeley Square

London, W1J 5FJ

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Is Europa besig om vir oorlog voor te berei?

Deur Rod McNair

“Alles dui daarop dat die wêreld besig is om vir oorlog voor te berei”. Hierdie woorde wat op 26 Januarie 2017 in 'n tydskrifartikel gepubliseer is, is deur die voormalige president van die Sowjet-Unie, Mikhail Gorbachev, geskryf. Die stabiliteit van die wêreld is waarlik wisselvalliger as wat die geval in dekades was. Die wêreld is toenemend 'n gevaarlike en onbestendige plek.

In hierdie toestand, wie sal die res van die 21ste eeu oorheers?

Ons dink nie dikwels aan Europa as 'n kragtige militêre reus nie, maar iets is besig om te gebeur wat ons aandag behoort aan te gryp – iets anders as enige ander ontwikkeling in die meer as 70 jaar sedert die Tweede Wêreldoorlog. Dink aan slegs 'n handjievol opskrifte van die afgelope paar jaar: “Duitsland is stadig besig om 'n Europese leër onder sy bevel op te bou” (*ForeignPolicy.com*, 22 Mei 2017). “EU openbaar projekte vir militêre ooreenkoms” (*Politico.eu*, 10 Desember 2017). “Merkel doen 'n beroep vir 'n 'ware' EU-leër” (*EUObserver.com*, 13 November 2018). Europese leiers neem meer verantwoordelikheid vir hulle eie verdediging. Dit alles vind plaas in 'n tyd wanneer die Bybel die dramatiese totstandkoming van

'n eindtydse supermoondheid voorspel, wat skielik op die wêreldtoneel te voorskyn sal kom.

Wat is besig om vandag in Europa te gebeur en waarheen sal dit lei? Is Europa besig om vir oorlog voor te berei?

Die kontinent is in 'n baie gevaarliker en meer onvoorspelbare situasie as enige ander tyd wat hulle die afgelope dekades in die gesig gestaar het. Verskeie sleutelmagte is besig om die aansien van Europa selfs nou te verander en Europeërs te dwing om hulle eie bepaalde Europese toerusting vir verdediging te skep. Daardie magte is die opkoms van radikale Islamitiese terrorisme, die toename van die Russiese bedreiging en die agteruitgang van die Verenigde State. Dit is die moeite werd om elkeen van hierdie magte in ag te neem indien ons wil verstaan waarheen dit alles op pad is.

Die opkoms van radikale Islamitiese terrorisme

Slegs 'n paar jaar gelede het 'n groot krisis van onbeheerde immigrasie Europa in die gesig gestaar. Grootliks te wyte aan die oorlog in Sirië, het meer as 1,5 miljoen immigrante tussen 2014 en 2017 na Europa gestroom. Wat gevolg het, was 'n styging in terrorisme deur die

Islamitiese radikales. Net in 2016 was daar aanvalle in ses verskillende Europese stede – Berlyn, Brussel, Hamburg, Nice, Saint-Étienne-du-Rouvray in Normandië en Parys – wat 150 mense gedood en honderde beseer het (“*From Paris to Brussels: Most recent terror attacks in Europa*,” *USA Today*, 7 April 2017). Immigrasie het afgeneem, maar die bedreiging van terrorisme bly 'n groot faktor wat die Europeërs dwing om strengere veiligheidsmaatreëls toe te pas.

Na 'n terroriste-aanval in België in Januarie 2015, het die regering militêre troepe gestuur om teikens regoor die land te bewaak. Dit was “die eerste keer in dertig jaar dat owerhede militêre troepe gebruik het om die polisie in Belgiese stede te versterk”, volgens die *Telegraph* (“*Europeans divided over increased security following terror raids*”, 17 Januarie 2015). Die grondwet van Duitsland verbied die ontplooiing van Duitse troepe binne sy eie grense, maar in Julie 2016, na aanleiding van toenemende terrorisme, het die Duitse publikasie *Deutsche Welle* berig dat die Beierse minister van Binnelandse Sake die wet “as uitgedien” verklaar het (“*After Munich, politicians consider deploying soldiers at home*,” 25

Julie 2016).

Die immigrasiekrisis het die meer regsgerigte politieke partye baie versterk. In Oktober 2015, tydens die Europese Volksparty se kongres in Madrid, het die president van die EVP, Joseph Daul, gesê: “Ons gaan baie vinniger op pad na 'n EU-weermag as wat mense glo ...” (“*EPP leaders bang drum for European army,*” *Euractiv.com*, 16 Oktober 2015).

Dit is duidelik dat die bedreiging van radikale Islamitiese terrorisme die Euro-peërs dwing om immigrasie, veiligheid en selfs hulle eie vryhede te heroorweeg. Die *International Business Times* het op 16 Desember 2015 berig oor die omstrede voorstel van die EU waarin 'n beroep gedoen word vir 'n “Europese Grens- en Kus-wag” met die mag om beheer te neem van 'n land se grense sonder hulle toestemming. Dit is te verstane dat kritici geprotesteer het dat hierdie nuwe program die soewereiniteit van Europese lande potensieel sou ondermyn. Dit het nogtans in 2016 in werking getree. Alhoewel die program na 'n rasonale reaksie teen terrorisme mag lyk, dink aan die mag wat dit moontlik in die hande van 'n militêre diktator kan plaas, sou een na vore tree.

Waarom is dit besig om te gebeur? Sê Bybelprofesie enigsins iets oor die betrekkinge tussen die Midde-Ooste en Europa wat 'n bron van konflik voorsien en moontlik 'n militêre opbou in die toekoms motiveer? Ja dit doen beslis. In Daniël

11:40-42 lees ons: “Maar in die tyd van die einde sal die koning van die Suide met hom [die koning van die Noorde] in botsing kom, en die koning van die Noorde sal op hom afstorm met strydwaens en perderuiters en baie skepe, en hy sal daarmee in die lande inkom en instroom en dit oorfloei. Hy sal ook kom in die Pragtige Land, en baie sal struikel; maar hierdie volke sal uit sy hand vryraak: Edom en Moab en die beste deel van die kinders van Ammon. En hy sal sy hand uitsteek teen die lande; ook Egipteland sal nie vrykom nie.”

Ander profesieë dui daarop dat die “koning van die Noorde” waarskynlik 'n eindtydse leier sal wees wat sal probeer om die roem van die Romeinse Ryk, wat in die hart van Europa gesentreer is, weer opnuut aanwakker. Die “koning van die Suide” kan geografies suid van Israel en Jerusalem geleë wees en afkomstig wees van die Midde-Ooste of Noord-Afrika. Sal 'n Europese diktator oorlog voer met 'n nuwe Arabiese/ Islamitiese kalifaat? Gaan die huidige bedreiging van terrorisme, Europa in die rigting van 'n meer gesentraliseerde en 'n meer gemilitariseerde posisie laat vorder? Net die tyd sal leer.

Nog 'n faktor wat Europa motiveer om sy eie vermoëns van verdediging uit te brei: Rusland – sy toenemend aggressiewe buurman na die ooste.

Die toename van die Russiese bedreiging

Die Berlynse muur het in 1989 geval en die Oos-Europese lande het onder die Ystergordyn uitgekom. Die Sowjet-ryk het verkrummel en baie mense was onder die indruk dat Rusland byna onbelangrik geword het en nie meer 'n groot wêreld-moondheid is nie. In die laat herfs van 2003 het die Russiese president Vladimir Putin na Europa verwys as die “natuurlike, belangrikste vennoot van Rusland” (Dov Lynch, “*Russia's Strategic Partnership with Europe,*” *The Washington Quarterly*, Lente 2004).

Sedertdien het Rusland egter 'n meer aggressiewe posisie ingeneem. In 2014 het Rusland dele van die Oekraïne binnegeval en beslag gelê op die Krim-skiereiland aan die kus van die Swart See. Sedertdien beskou die Euro-peërs Rusland as 'n groter bedreiging. Neem 'n paar voorbeelde van hierdie verskuiwing in ag:

In Februarie 2015 het Rusland sy militêre basisse naby Noorweë heropen, wat sedert die einde van die Koue Oorlog gesluit was, (“*Norway to restructure military in response to Russian 'aggression'*” *The Guardian*, 25 Februarie 2015).

In April 2016 het Russiese oorlogsvlieg-tuie aanvalle op 'n Amerikaanse vlootskip

in die Baltiese See nageboots deur herhaaldelik binne 10 meter van die vaartuig af te vlieg. (“*Russian attack aircraft just flew within 30 feet of a U.S. Navy ship,*” *Military Times.com*, 13 April 2016).

In September 2018 is die massiewe “Vostok 2018” oorlogspel [militêre oefening] deur Rusland, China en Mongolië uitgevoer en meer as 300,000 troepe, 36,000 tenks en 1,000 vliegtuie was daarby betrokke (“*Russia war games: Biggest since Cold War 'justified'*,” *BBC.com*, 28 Augustus 2018).

In Januarie 2019 is die Russiese S-400-lugafweermissielstelsel bekendgemaak wat na bewering die Patriot-missielstelsel heeltemal oortref het (“*The New Iron Curtain: Russian Missile Defense Challenges U.S. Air Power,*” *The Wall Street Journal*, 23 Januarie 2019). Ondanks direkte uitdaging van Amerikaanse besware, het Rusland in Julie 2019 S-400-stelsels aan die NAVO-lid Turkye verskaf – 'n aggressiewe handeling wat beplan was om Moskou se invloed uit te brei, terwyl dit Amerika se invloed geleidelik laat afneem (“*Turkey Gets Shipment of Russian Missile*

System, Defying U.S.,” *The New York Times*, 12 Julie 2019).

Geen wonder dat die Europeërs gretig is om hulle verdediging en weermag uit te brei nie: Hulle deel 'n baie belangrike grens met 'n toenemend-selfgeldende Rusland. 'n Aantal Europese lande het militêre diensplig weer ingestel. Duitsland het tenks in Pole gestasioneer. Swede het die eerste keer in 50 jaar oorlogspakkies met voedsel aan elke landsburger uitgedeel. Hongarye wil verpligte militêre opleiding vir die jeug op skool instel en die Europese Unie het gevra vir 'n permanente militêre akademie en die ontwikkeling van 'n EU-weermag hoofkwartier.

Europese leiers raak al hoe gretiger om Rusland te wys dat hulle nie meer op die Verenigde State gaan staatmaak nie. In Maart 2015 is in 'n verslag van die *EU Observer* opgemerk: “Jean-Claude Juncker, president van die Europese Kommissie, het gesê dat die EU sy eie leer op die been behoort te bring om Rusland te wys dat hulle ernstig is oor die verdediging van Europese waardes”. (“*EU commission chief makes case for European army,*” *EU Observer*, 9 Maart 2015).

Soos vroeër gemeld is, sal die koning van die Noorde teen 'n Midde-Oosterse koning van die Suide veg soos dit geprofeteer is. Let daarop dat ander magte ook betrokke kan wees. Ons lees in die boek van

die profeet Daniël, waar hy van die koning van die Noorde praat, oor kommer wat sal toeneem terwyl hy in die Midde-Ooste in 'n oorlog gewikkel is: “Maar gerugte uit die ooste en uit die noorde sal hom verskrik; daarom sal hy met groot woede uittrek om baie mense te verdelg en met die banvloek te tref” (Daniël 11:44).

Hierdie profesie in Daniël voorspel 'n komende, verwoestende stryd tussen 'n Europese leier en 'n Eurasies-Oosterse mag wat 'n Russiese diktator kan insluit. Die geografiese ligging stem hiermee ooreen en Rusland en Europa het 'n bloedbevleekte geskiedenis. Die huidige besorgdheid is wesenlik en 'n massiewe militêre opbou vind in Europa voor ons oë plaas. Dit is nie verbeelding nie. Dit is in die nuus. Soos die *EU Observer* gemeld het, het “'n merkbare bedreiging van Rusland, 'n sentraal Europese wedloop in die rigting van militêre uitgawes veroorsaak” (“*Russia threat triggers European military spending hike,*” *EU Observer*, 24 April 2017).

Wat is Europese verhouding met die Verenigde State intussen?

'n Kwynende Amerika wat agteruitgaan

Na die Tweede Wêreldoorlog het Amerika die voortou geneem in die heropbou van Europa. Die NAVO-alliansie het beteken dat Amerikaanse troepe permanent op Europese grond gesta-

sioneer sou wees. Gedurende die afgelope jare het Amerika se rol egter verander. Nadat die Koue Oorlog beëindig is, het NAVO gesukkel om sy rol in die nuwe omgewing te verstaan. Met verloop van jare het Amerikaanse presidente hulle Europese eweknieë versoek om meer van die koste vir hulle verdediging te dra. In Junie 2015 het die V.S. se Sekretaris van Verdediging, Ashton Carter, die regering van Duitsland geprys vir sy leierskap in die Oekraïne-krisis. Terselfdertyd het hy Duitsland aangespoor om die besteding aan verdediging te ondersteun “om te verseker dat Duitsland se besteding aan verdediging ooreenstem met hulle rol van leierskap” (*“Pentagon chief urges Germany to bolster defenses,” Deutsche Welle, 22 Junie 2015*).

President Donald Trump het ook druk op Europese regerings uitgeoefen om 'n groter deel van hulle finansiële steun aan NAVO te betaal. Volgens Jens Stoltenberg, sekretaris-generaal van NAVO, is daardie druk effektief. Stoltenberg het tydens die Amerikaanse kongres in April 2019 gesê dat Amerika se NAVO-bondgenote, wat oorwegend Europees is, na verwagting teen die einde van 2020 'n addisionele \$100 miljard dollars aan verdedigingsbegrotings sal spandeer. “Daardie geld sal ons toelaat om in nuwe bekwaamhede te belê wat die gewapende magte nodig mag hê”, het Stoltenberg gesê, “met inbegrip van gevorderde vevliegtoe, aanvals-

helikopters, missielverdediging- en toesighoudende-hommeltoe” (*“Bolton touts NATO allies' \$100B military spending spree after Trump push: 'Unequaled triumph',” Fox News, 16 Julie 2019*).

President Trump het selfs verder gegaan deurdat hy die waarde daarvan bevraagteken het dat Amerika hoegenaamd in NAVO bly. Hy het in 2017 'n politieke storm veroorsaak toe hy verkies het om hom nie weer aan artikel 5 van NAVO te verbind nie. Artikel 5 bepaal dat 'n aanval op enige lid van NAVO, van ander lidlande sal vereis om hulle te ondersteun. In antwoord daarop het die Duitse kanselier, Angela Merkel, gesê: “Die tye waarin ons ten volle op ander kan reken, is tot 'n mate verby” en sy het tot die slotsom gekom dat die Europeërs hulle toekoms in hulle eie hande moet neem en dat daar nie op Amerika staatgemaak kan word nie (*“Merkel: Europe cannot rely on its allies anymore,” EU Observer, 29 Mei 2017*). Ander amptenare in die regering van die V.S. het Amerika se verbintenisse met NAVO bevestig en Amerika bly vir nou die 'spierkrag' agter NAVO se militêre vermoë ten einde Rusland teen te werk. Hoe lank sal dit egter duur?

Wat die effek van die toenemende kloof tussen Amerika en Europa verder beklemtoon, is dat Amerika se naaste bondgenoot, Brittanje, se invloed ook besig is om te af te neem. Nadat die Britte besluit het om die Europese Unie te

verlaat, het sommige lande in die EU, Brexit as 'n geleentheid gesien om hulle militêre agenda 'n hupstoot te gee terwyl hulle geweet het dat die Britte in die algemeen nie ten gunste van 'n Europese leer was nie. Let op wat 'n Duitse Minister van Verdediging gesê het: “Europa benodig 'n gemeenskaplike politieke strewe vir meer sekuriteit in die beleid. Die uitslag van die verkiesing in Amerika [dit wil sê Donald Trump se verkiesing as president] kan ekstra stukrag verleen ... Die Brexit-besluit en die verkiesing in die Verenigde State het die EU 'n nuwe koers laat inslaan” (*“Germany: Trump victory to spur EU military union,” EU Observer, 11 November 2016*). Dalk word die situasie die beste opgesom deur hierdie aanhaling uit *The Independent*: “Duitsland en Europa sal waarskynlik 'n baie groter en meer onafhanklike rol speel as gedurende die afgelope 70 jaar” (“Wat beteken Angela Merkel se opmerkings met betrekking tot Trump se Amerika, vir die wêreld se politieke verhoudings?” 29 Mei 2017).

Europa se toekoms

Moontlik sien ons tans nog nie die finale vorm van 'n verenigde Europa in detail nie, maar die huidige gebeure berei die weg voor vir 'n uiteindelijke supermoondheid wat die wêreld gaan verras. Daar is bewyse dat Europa besig is om voor te berei vir oorlog. Islamitiese terrorisme, Rusland se aggressie en Amerika se isolasionisme dra

alles by tot 'n nuwe Europese begeerte om volle beheer oor sy eie veiligheid te neem. Europese leiers het miskien die beste bedoelings om 'n nuwe orde te skep wat gebaseer is op die gesag van die wet, demokratiese beginsels, persoonlike vryhede en ekonomiese liberale beleid, maar Bybelprofesie voorspel dat dit wat as 'n goedbedoelde Europese eksperiment sal begin, in 'n ramp sal eindig. Waarom sê ons dit?

Openbaring 17:9-10 lui: “Hier kom die verstand wat wysheid het, te pas. Die sewe koppe is sewe berge waar die vrou op sit. En hulle is sewe konings: vyf het geval en een is; die ander een het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy 'n kort tydjie bly.” Die Bybel praat van sewe herlewings van hierdie stelsel – die stelsel wat eens die “Heilige Romeinse Ryk” genoem is. Sedert die val van die Romeinse Ryk in 476 n.C., het baie heersers probeer om 'n verenigde Europa onder een regime in stand te hou, waaronder Justinianus, Karel die Grote, Otto die Grote, die Hapsburgse heerser Charles V, Napoleon Bonaparte en meer onlangs, die bondgenootskap van Hitler en Mussolini. Soos in die gedeelte hierbo aangedui, wys die Bybel dat daar nog een herlewing sal kom – die finale herlewing, wat tot die Wederkoms van Christus sal lei.

Daar sal 'n magtige individu kom, aan wie tien nasionale leiers hulle trou vrywillig sal beloof asook met wie hulle

gesag sal deel. Ons lees van hierdie individu in Openbaring 17:12-13, wat “die dier” genoem word: “En die tien horings wat jy gesien het, is tien konings wat nog geen koningskap ontvang het nie, maar hulle ontvang mag soos konings een uur lank saam met die dier. Hulle het een gesindheid en sal hulle krag en mag oorgee aan die dier.”

Daar word geprofeteer dat tien konings – of tien leiers – die kern van 'n merkwaardige politieke, ekonomiese en militêre supermoondheid sal vorm onder leiding van hierdie 'dier', na wie in Daniël 11 verwys word as die “koning van die Noorde”. Hierdie finale wêreldmoondheid wat in Openbaring 17 beskryf word, stem ooreen met die finale wêreldmoondheid wat beskryf word in die visioen van Daniël 2 en wat gesimboliseer word deur die bene en voete van 'n groot beeld van 'n man, wat saamgestel is uit 'n mengsel van yster en klei (Daniël 2:41-43). Net soos tien konings in Openbaring beskryf word, sou die yster-en-klei-voete van Daniël se beeld tien tone hê en albei profesieë maak melding van hierdie wêreldoorheersende koninkryke wat deur die Wederkoms van Christus vernietig sal word – albei verwys na dieselfde gebeurtenis! Daniël verklaar dat God aan hom in 'n visioen getoon het dat 'n “klip wat sonder hande uitgekap is, wat die beeld op sy voete van yster en klei getref en in stukke gebreek het”, 'n berg of 'n koninkryk geword

het wat die hele aarde gevul het (verse 34–35). Daardie klip verteenwoordig die Koninkryk van God, “'n koninkryk wat nooit vernietig sal word nie” en “self sal dit vir ewig bestaan” (vers 44).

Goeie voornemens, slegte gevolge

Sal hierdie eindtydse supermoondheid wat bestem is om vernietig te word en deur die Koninkryk van God vervang gaan word, *begin* met die doel om die hele wêreld tot op die rand van vernietiging te bring? Waarskynlik nie. Heel waarskynlik sal dit uit goeie bedoelings voortspruit. Die Franse Minister van Finansies, Bruno Le Maire, het in 'n onderhoud met die Duitse koerant *Handelsblatt* gesê dat Europa 'n “vreedsame ryk” behoort te word. Hy het gesê: “Ek gebruik hierdie frase, want in die wêreld van môre sal dit alles oor mag gaan ... tegnologiese mag, ekonomiese, finansiële, monetêre en kulturele mag – alles sal deurslaggewend wees. Europa kan nie langer wegskram van die gebruik van sy mag nie” (“*French finance minister: 'We need a European empire,'*” 12 November 2018).

Dus, waarheen lei al hierdie dinge? Indien ons hierdie Skrifte verstaan in die lig van Jesus se profesieë in Matthéüs 24, sien ons dat hierdie diktator die planeet grootliks in 'n toestand van wêreldoorlog en verwoesting sal dompel. Dit sal 'n tyd van vernietiging wees, wat


so afskuwelik sal wees dat, tensy dramatiese wêreldwye ingryping iewers vandaan kom, geen vlees dit sou oorleef nie. Christus *sal* egter ingryp en Hy sal veg teen die magte van hierdie individu wat “die dier” genoem word asook diegene wat hom volg en die finale herlewing van die Romeinse Ryk sal verpletter word. Soos Openbaring van die magte van die dier sê: “Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin – want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings – en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou” (Openbaring 17:14).

Sal Europa in die toekoms in oorlog gedompel word? Ongelukkig is die antwoord ja. Die Bybel toon dat hierdie Europese moondheid boos sal wees en die wêreld tot op die randjie van totale vernietiging sal neem, maar die God van die hemel sal ingryp en die komende krank-sinnigheid beëindig. Ons lees van die direkte ingryping van God: “KYK, daar kom 'n dag vir die HERE; dan sal wat van jou buitgemaak is, binne-in jou verdeel word, *o Jerusalem!* Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen

Jerusalem; en die stad sal ingeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word ... En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes *tot 'n baie groot dal*; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide” (Sagaría 14:1-4).

Jesus Christus sal met Sy Wederkoms die nasies verpletter wat probeer om teen hom te veg. Die mees gevorderde wapenstelsels sal nie opweeg teen die verblindende krag van die terugkerende Seun van God wat na die aarde neerdaal nie. Hy sal alle opstand onderdruk en Openbaring 11:15 sal vervul word: “Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.”

Europa is besig om voor te berei vir oorlog of sy nasionale leiers dit besef of nie. Onsigbare en onherkenbare kragte beur vorentoe in die rigting van 'n donker en onheilspellende toekoms. Wanneer Jesus

Christus egter terugkeer en Sy koninkryk op aarde vestig, sal Hy oorlog *afskaf*. Na die bloedige geskiedenis van Europa sal hulle uiteindelik permanent rus vind. Jesaja het oor daardie tyd geprofeteer: “En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom ... En Hy sal oordeel tussen die nasies en regsprek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie” (Jesaja 2:2, 4). Jesus Christus sal sy Wette wêreldwyd vestig as standaard vir die hele mensdom. Hy sal wêreldwye vrede afdwing wat orde en ware harmonie sal bring in die chaos en geweld wat die mensdom al eeue lank teister. Dan, in plaas van om hulle voor te berei vir oorlog, sal die volke van Europa en die volke van die hele wêreld, hulle voorberei om die weg van vrede te leer, terwyl hulle 'n nuwe beskawing onder Christus se liefdevolle leiding opbou. Mag God daardie dag bespoedig! 

**Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur: www.tomorrowworld.org**

Oorloë en gerugte van oorloë

Deur Roger Meyer

Geweld is die norm, nie die uitsondering nie

Oorloë en gerugte van oorloë. 'n Mens kan nie die geskiedenis van die mens ondersoek sonder om te lees oor eindelose konflikte, stammassamoorde en nasies wat oorlog voer nie. Eeu na eeu maak nasies en ryke opgang en verdwyn weer van die toneel, dikwels met oorlog wat die oorsprong van hulle totstandkoming sowel as die oorsaak van hulle ondergang is. Die nagevolge duur dekades lank voort: Honderde duisende weeskinders, weduwees wat dakloos gelaat is, verminkte liggame van oorlewendes, verwoeste infrastruktuur en blywende ekonomiese ondergang.

“En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë ... Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander” (Matthéüs 24:6-7). Christus het hierdie woorde bykans 2,000 jaar gelede op die Olyfberg uitgespreek en die geskiedenis het bewys dat Hy reg was. Slegs in die vorige eeu tydens die Eerste Wêreldoorlog, het ongeveer tien miljoen soldate gesneuwel en agt miljoen burgerlikes gesterf, terwyl nog 23 miljoen soldate gewond is. Alhoewel die Eerste Wêreldoorlog as “die oorlog om alle oorloë te beëindig” bestempel is, was die Tweede Wêreldoorlog binne twee dekades verantwoordelik vir nog meer ongevallen. Hoewel dit moeilik is om presiese syfers te bepaal, word daar beraam dat tussen 75 en 80 miljoen mense tydens die konflik gesterf het. Die Tweede Wêreldoorlog is kort daarna gevolg deur die Koreaanse Oorlog en die Viëtnamese Oorlog. Miljoene

meer mense het sedertdien deur grootskaalse en kleiner konflikte hulle lewens verloor.

Voortgesette vooruitgang

Daar was die Golfoorlog met Irak, oorloë in Bosnië en Herzegovina, Kosovo, Tajikistan, Joego-Slawië, Sri Lanka, Rwanda, Burundi, Djibouti, die Kongo, Algerië, Slowenië, Kroasië, Abkhazië, Tsjetsjina, Senegal, Sierra Leone en Darfur – om slegs 'n paar te noem. Daar is voortdurend konflikte in Afghanistan, Pakistan, Somalië, Nigerië, Sirië, die Israeliese Wesowewer en die Gazastrook. Noord-Korea en Iran dreig om spanning tot op die vlak van oorlog te verhoog. Daar is 'n tasbare vrees vir oorlog tussen die Verenigde State en Iran, Israel en Iran, die Verenigde State en Noord-Korea asook Noord-Korea en Suid-Korea.

Sporadiese voorvalle van burgerlike onrus, betogings, onluste en verwante chaos bedreig regerings in Egipte, Jemen, Noord-Afrika, Algerië, Tunisië en die Ivoorkus. Daar is onrus in Burma, Libanon, Jordanië, Iran en China. Die feit dat misdadigers en militante nie vervolgt word vir die geweld wat hulle pleeg of opstook nie, sowel as wantroue en toenemende ontevredenheid met swak of ongewilde leiers, vergroot die potensiaal vir konflikte en opstande in Colombia, Zimbabwe, Irak, Venezuela, Soedan, Tajikistan, Haïti en Guatemala. Die Midde-Ooste is altyd 'n kruitvat. Ons leef in 'n tyd van onsekerheid, angs en verwarring.

Oorlog het verander

Oorlog verander nou en word minder alledaags. Dit lei nog steeds tot dood en verwoesting, maar nou word dit “hibridiese oorlog” genoem. Ons ervaar 'n samesmelting van oorlog, terreur en misdaad. Daar is dikwels geen duidelike gevegslynes nie, geen wedywering vir gebied en geen maklik identifiseerbare verskille tussen vegters en nie-vegters nie. Die vyand is moontlik 'n staatlose entiteit en woon onder die bevolking in stedelike gebiede. Die vyand kan op openbare snelweë of selfs openbare vervoer-stelsels rondbeweeg. Teikens kan onskuldige burgers op openbare plekke wees. Wêreldmagte kan voortdurend onrus en burgerlike onluste gebruik om “gevolmagtigde oorloë” uit te voer in 'n poging om hulle belange na te jaag op plekke waar 'n openlike oorlog strategies onverstandig sou wees.

Soos Romeine 3:10-17 ons leer, is niemand regverdig nie. Niemand “is verstandig nie” en soek nie na God nie. “Haastig is hulle voete om bloed te vergiet” en oorlog te voer. Die les uit die geskiedenis is net soos die apostel Paulus geskryf het: Die mensdom ken nie die “weg van vrede” nie.

Gaan die langverwagte “Slag van Armageddon” binnekort plaasvind? Sal die aarde vernietig word? Wat sal met u, u gesin en u vriende gebeur? Die Bybel openbaar dat afskuwelike en angswekkende gebeure vlak voor die deur lê. Dit openbaar ook 'n bemoedigende hoop. Bestel vandag u gratis eksemplaar van *Armageddon en daarna*. **WVM**

Oorleef en floreer in tye van spanning

Deur Richard F. Ames

Vind u die lewe meer spanningsvol as wat dit selfs 'n paar jaar gelede was? Indien wel, is u nie die enigste een nie. Selfs in die Verenigde State – 'n land wat tans 'n finansiële oplewing geniet – het spanning 'n oorheersende invloed op die lewe van baie mense. In 'n verslag in *Global Emotions 2019* het die Gallup-organisasie opgemerk: “Selfs al het hulle ekonomie floreer, was meer Amerikaners gespanne, kwaad en bekommerd in die afgelope jare as wat hulle gedurende die afgelope dekades op die meeste van tye was” (“*Americans’ Stress, Worry and Anger Intensified 2018*,” *Gallup.com*, 25 April 2019).

Die *New York Times* het die bevindings bekend gemaak: “In die Verenigde State het ongeveer 55% van die volwassenes gesê dat hulle gedurende 'n 'groot gedeelte van die dag' spanning ervaar, vergeleke met net 35% wêreldwyd ... Ongeveer 45% van die Amerikaners wat ondervra is, het gesê dat hulle die vorige dag 'baie' bekommerd gevoel het, vergeleke met 'n wêreldgemiddelde van 39%” (“*Americans are Among the Most Stressed People in the World, Poll Finds*”, *New York Times*, 25 April 2019). Dit blyk dat 'n gesonde ekonomie geen versekering teen die las van spanning en bekommernis is nie.

Terwyl ons ons tegnologie

en lewenstempo in die 21ste eeu versnel, ervaar miljoene mense toenemend spanning, depressie en fisiese kwale. Daar was in die *Washington Post* 'n artikel met die titel: “*Not only are Americans becoming less happy – we’re experiencing more pain too.*” Die artikel berig oor navorsing wat gedoen is deur David Blanchflower van die *Dartmouth College* en Andrew Oswald van die Universiteit van Warwick, wat “data oor die ervaring van pyn regoor die land” ondersoek het.

In 2011 het die Internasionale Sosiale Opname-program respondente in meer as 30 lande gevra hoe gereeld hulle fisiese kwale en pyne in die afgelope maand ervaar het. Amerikaners was die mees waarskynlike om gereelde pyn aan te meld, met 34% wat gesê het dat hulle dit “dikwels” of “baie gereeld” ervaar. In alle lande was die gemiddelde landswyd net 20%. “Aangesien die V.S. een van die rykste lande ter wêreld is en mense daar in beginsel een van die gemaklikste lewenstyle in die wêreld behoort te geniet, lyk dit vreemd – om dit sagkens te stel – dat die nasie so baie pyn ervaar”. skryf Blanchflower en Oswald (*Washington Post*, 6 Desember 2017).

Ja, spanning beïnvloed ons op diepgaande wyses! Hoewel deskundiges op die gebied van gesondheid ons egter nuttige strategieë kan gee om spanning

te hanteer, is daar 'n ander Bron wat vir millennia bewys dat sy oorfloedige leiding ander bronne by verre oortref – God se Woord. Ja, u Bybel openbaar kragtige maniere om spanning, vrees, frustrasie en angs te oorkom.

Streef na die hoogste doelwitte!

Die boek Spreuke herinner ons daaraan om egte waardes na te streef. Ons lees: “Neem my tug aan, en nie silwer nie, en kennis liever as uitgesoekte goud. Want wysheid is beter as korale, en al die kleinode kan daar nie mee vergelyk word nie” (Spreuke 8:10-11). Diegene wat geld, luukse en glansryke besittings nastreef, is altyd bekommerd oor hoe hulle dit kan behou en nog meer kan bekom. Ons Verlosser, Jesus Christus, het kommentaar gelewer met betrekking tot diegene wat bekommerd is oor die verkryging van besittings: “Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het” (Matthéüs 6:31-32). Indien u op God vertrou en Sy leiding volg, sal u wysheid verwerf en u sal vind dat u nie meer bekommerd is oor die obsessiewe soeke na méér fisiese dinge nie. U sal na iets veel sinvoller soek. Lees dit in u

die Bybel: “Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word” (Matthéüs 6:33). God is die gewer van elke goeie en perfekte geskenk (Jakobus 1:17). Hy het belofte om in ons behoeftes te voorsien (Filippense 4:19). Glo u Hom? Bied u spanning die hoof deur die hoogste doel na te streef: God se Koninkryk.

Staan stil en geniet en waardeer die skoonheid van die lewe!

Staan u ooit 'n oomblik stil om diep asem te haal in die vinnige wêreld van vandag? Staak u ooit 'n oomblik u aktiwiteite om iets mooi van die lewe te waardeer? U mag dalk u werksdag met spanning begin deur in swaar verkeer heen en weer te pendel. Dan, met die een afspraak of stilhouplek na die ander, kan u net 'n tydjie afknyp vir 'n vinnige happie vir middagete – as u nie die middagete heeltemal oorslaan nie. “Sokker-moeders”, soos hulle genoem word, vervoer hulle kinders na en van die skool en van een aktiwiteit na die ander. Sommige mense beoefen twee verskillende beroepe net om finansiële kop bo water te hou.

Sommige mense is so verslaaf aan tegnologie dat hulle voortdurend aanlyn is en daardeur kontak met hulle omgewing verloor. Baie mense in die Verenigde State mag Internet-aktiwiteite as 'n unieke probleem in hulle land beskou, maar dit word weerspreek in 'n interessante verslag van die *London Telegraph*: “Britse tieners bring meer tyd op die

Internet deur as feitlik enigiemand anders ter wêreld. 'n Nuwe ondersoek het bevind dat hulle ongelukkiger en vatbaarder vir probleme van geestesgesondheid is. Byna een uit elke vier leerlinge in die V.K. Koninkryk word nou as 'uitermatige' verbruikers van die Internet beskou, met tienduise van hulle wat drie keer langer aanlyn deurbring as die gemiddelde tyd wat kinders in die res van die ontwikkelde wêreld doen”. (*Britse kinders is meer as enige ander ontwikkelde land se kinders op die Internet en is as gevolg hiervan ongelukkiger*,” (19 April 2017).

Wat bied God as alternatief? Ons lees: “Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande” (Psalm 19:2). Probeer om in voeling te kom met die natuur om spanning te verminder of selfs te voorkom. Neem 'n blaaskans. Indien u kan, vind 'n roosboom of ander bron van skoonheid in die natuur wat u kan waardeer. Neem snags 'n oomblik om die ontsagwekkende prag van die sterre daarbo te deurdink. Neem 'n oomblik om te bid en God te vertel van hoe u die wonders van Sy skepping waardeer. God sê vir ons: “Laat staan en weet dat Ek God is; Ek sal hoog wees onder die nasies, hoog op die aarde. Die HERE van die leëre is met ons; die God van Jakob is 'n rotsvesting vir ons” (Psalm 46:11-12).

Bid daaroor!

Is u wat sommige mense 'n “kommerkous” noem? Laat u toe dat u vrese en bekommernisse emosionele en fisiese spanning

in u lewe veroorsaak? Die aartsvader Job kla, “As ek iets vreesliks vrees, kom dit oor my; en die ding waarvoor ek bang is, kom na my toe” (Job 3:25). Wat moes hy gedoen het? Die apostel Paulus het dit duidelik gestel: “Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God” (Filippense 4:6). Met ander woorde, deel u bekommernisse, u vrese en u besorgdhede met God in gebed!

Miskien is u bekommerd oor u behoeftes. Gaan weereens na God! Jesus sê vir ons dat God u behoeftes ken nog voordat u Hom vra (Matthéüs 6:8), maar Hy wil hê dat u vra sodat u 'n intiemer verhouding met Hom ontwikkel.

Is u bekommerd oor die toestand van u land? In 'n artikel waarin die “*Stress in America*”-opname bespreek word, het die Amerikaanse Psigologiese Vereniging berig: “Byna tweederdes van die Amerikaners (63%) sê die toekoms van die land is 'n baie groot of redelike belangrike bron van spanning, bietjie meer as voortdurende stresfaktore soos geld (62%) en werk (61%)” (“*US at 'Lowest Point We Can Remember; Future of Nation Most Commonly Reported Source Of Stress*,” 1 November 2017). Terwyl uiteenlopende ideologieë voortduur en mense verdeel, het baie mense gedurende die laaste paar jaar die spanning ervaar as gevolg van die verlies van langdurige, gewaardeerde vriendskappe. Wat behoort u dus te doen as u spanning oor die bestuur van u land ervaar? U Bybel gee die antwoord: Bid daaroor!

Ons behoort sekerlik te bid dat leiers in die regering barmhartigheid sal betoon aan diegene wat getrou daarna streef om God te gehoorsaam en om hulle in vrede te laat leef. Ons lees dit in die raad van die apostel Paulus aan die jong evangelis Timótheüs: “In die eerste plek vermaan ek dan dat smekinge, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word vir alle mense; vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid” (1 Timótheüs: 2:1-2). Daar is egter 'n ander aspek wat baie mense, selfs Christene, te maklik verwaarloos. Indien u spanning ervaar omdat u nie van die leier van u volk hou nie, behoort u te verstaan *wie* dit beskik het of toelaat dat daardie persoon regeer. “Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel” (Romeine 13:1). Indien u verstaan dat God in beheer is, kan u u persoonlike bekommernis oor die leiers van u land laat vaar en daarop fokus om te bid dat God se wil sal geskied.

Hoe behoort u te bid? Let op dat Paulus gesê het om “met danksegging” te bid (Filippense 4:6). Ja, vra wat u nodig het en wat u wil hê, maar moenie vergeet om God te dank vir al u seëninge nie. Indien u leer om u seëninge raak te sien en nie net u uitdagings nie, sal u leer om u probleme in 'n groter konteks te sien en daardie groter perspektief sal u spanning verminder.

Maak aanspraak op God se beloftes!

Terwyl u bid, moenie skroom om ook die beloftes van God vir uself op te eis nie! U Bybel is 'n skatkis van Sy onfeilbare en wonderlike beloftes. Die apostel Petrus bemoedig ons kragtig! Hy skryf aan ons:

“Mag genade en vrede vir julle vermeerder word deur die kennis van God en Jesus, onse Here! Immers, sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en godsvrug dien, deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur sy heerlijkheid en deug, waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur, nadat julle die verdorwenheid ontvlug het wat deur begeerlikheid in die wêreld is” (2 Petrus 1:2-4).

Namate u aanspraak maak op die beloftes van God in gebed, kan u u spanning te bowe kom. Wat is 'n paar van daardie beloftes? God het belof om ons gebede te beantwoord (Matthéüs 7:7-8); Hy het belof om in al ons behoeftes te voorsien (Filippense 4:19); Hy het belof om ons lewens te lei (Spreuke 3:5-6); Hy het belof om aan ons die begeertes van ons hart te gee as ons 'n welbehag in Hom het (Psalm 37:4-5); Hy het ons gemoedsrus belof (Filippense 4:6-7); Hy het die gawe van die Heilige Gees belof (Handelinge 2:38; Lukas 11:13); Hy het die gawe van Sy liefde aan ons belof (Romeine 5:5); en Hy het ons die ewige lewe belof (1 Johannes 2:25). Dit is maar net 'n paar van hierdie beloftes. Daar is baie meer beloftes in die Bybel vir u, u vriende en geliefdes en vir alle mense op

aarde – indien u na God sal gaan in gebed en in geloof deur ons Verlosser Jesus Christus.

Bepal vooruit!

Is spanning net sleg? Endokrinoloog Hans Selye definieer spanning as “die nie-spesifieke reaksie van die liggaam op enige eis wat daaraan gestel word” (*Stress Without Distress*, bl. 14). Hierdie definisie is van toepassing op “goeie” tipes spanning of “*eustress*”, soos die spanning wat met 'n bevordering in u werk gepaard gaan, sowel as “slegte” spanning of “*angs*”, soos wat u ervaar wanneer u agterkom dat u tjek geweier is. Albei soorte spanning is fisiologies dieselfde: Dit lei tot verhoogde bloeddruk, verhoogde asemhalingstempo, verhoogde spysverterings-aktiwiteit, verhoogde suiker en vetsure in die bloedsomloopstelsel, verhoogde metabolisme, verhoogde natriumretensie en verlaagde immuunfunksie.

Wanneer ons planne beplan, kan ons ons spanning op 'n positiewe manier aanwend. Ons het inderdaad positiewe stresfaktore in ons lewe nodig om dit lekker en interessant te maak en sekere stresfaktore help ons ook om meer produktief te wees. Spertye en aansporingsbonusse vir die afhandeling van take motiveer ons. Die navorser oor gesondheid, Jerrold Greenberg, beklemtoon dit: “Die doel van streshantering is nie om alle spanning uit te skakel nie ... Ons doelwit behoort te wees om die skadelike gevolge van spanning te beperk, terwyl die kwaliteit en lewenskrag van die lewe gehandhaaf word” (*Comprehensive Stress Management*, bl. 12,

14).

Vir baie mense kan selfs 'n paar dae se vooruitbeplanning na 'n groot uitdaging lyk. Die opstel van 'n konsekwente skedule met stappe in die rigting van ons belangrikste doelstellings kan ons gesindheid ten goede verander. U het heel moontlik al van die wenk van tydsbestuur gehoor, dat wanneer u voor 'n moeilike taak te staan kom, u dit in baie kleiner take behoort te verdeel wat elkeen hanteerbaar is. In plaas daarvan om oorweldig te voel deur een groot uitdaging, kan u 'n reeks kleiner uitdagings hanteer.

Wat is egter die grootste van alle projekte – die grootste uitdaging? Soos ons vroeër bespreek het, behoort ons belangrikste strewe te wees om die Koninkryk van God te soek. Soos gereelde lesers van hierdie tydskrif weet, het God vir ons 'n wonderlike toekoms as lede van Sy gesin beplan. 'n Plan wat in ons huidige situasie byna ondenkbaar kan wees. Dit is egter binne bereik van ons denke indien ons gebruik maak van wat God ons gegee het. Ons kan die krag van Christus hê om ons te help om ons doelwitte te bereik! Die Skrif sê: “Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing” (2 Timótheüs 1:7). Onthou die vermaning van die apostel Petrus op Pinksterdag: “Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes; en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang” (Handelinge 2:38). Het u berou gehad oor u sondes? Is u doop volgens die Bybelse voorskrifte

uitgevoer? Indien u 'n lewenslange verbintenis met God ernstig oorweeg, dan raai ek u aan om een van die vele leraars wat verbonde aan die *Wêreld van Môre* is, te raadpleeg. Ons het leraars in baie streke regoor die wêreld. Kontak die streekkantoor naaste aan u. Die lys verskyn op bladsy 2 van hierdie tydskrif of kontak ons op ons webwerf by wvm.co.za.

Behou 'n positiewe gesindheid!

Hoe vergelyk u persoonlike uitdagings met dié van die apostel Paulus? Hy het aan die Korinthiërs vertel van die spanning, beproewings en verdrukkinge wat hy verduur het: “Vyf maal het ek van die Jode ontvang veertig houes op een na. Drie maal is ek met stokke geslaan, een maal is ek gestenig, drie maal het ek skipbreuk gely, 'n nag en 'n dag het ek op die diepwater deurgebring” (2 Korinthiërs 11:24-25). Hoe het hy daardie spanning hanteer? Hy het daarop gefokus om 'n positiewe gesindheid te handhaaf. Selfs terwyl Paulus in die gevangenis was, het hy mede-gevangenes aangemoedig om dit ook te doen: “Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is – watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit. En wat julle geleer en ontvang en gehoor en in my gesien het, doen dit, en die God van vrede sal met julle wees” (Filippense 4:8-9).

Dink aan daardie dinge wat **waar** is. Wat is waar? Jesus het tot die Vader gebid, “Heilig hulle in u waarheid. U woord is

waarheid” (Johannes 17:17). Die Bybel, God se Woord, is **waarheid**. Dink aan die Skrifgedeeltes wat vir u belangrik is. Lees u Bybel. Merk, kleur of onderstreep daardie verse wat vir u iets besonders of betekenisvol is! Geagte leser, u en ek moet die Bybel lees. Ek moedig u aan om elke dag u Bybel te lees! God se Woord sal u inspireer. Dit sal help om u denke en gedagtes te suiwer. Soos Jesus gesê het: “Julle is alreeds rein deur die woord wat Ek tot julle gespreek het” (Johannes 15:3).

Paulus vra ons ook om te mediteer oor “alles wat lieflik is” (Filippense 4:8). Soms, wanneer ek spanning wil teenwerk, fokus ek op die lieflike, skilderagtige tonele wat ek al op my reise gesien het. Ek dink aan die sonsondergange wat ek regoor die wêreld gesien het. Ek dink aan mere en berge en pragtige reënboë. Mediteer oor die positiewe dinge en u sal u spanning verminder!

Wees lief vir u naaste!

Selfsug is 'n groot oorsaak van spanning. 'n Oormatige fokus op die eie ek dra net by tot die spanning in die lewe. U Bybel beklemtoon 'n eenvoudige, maar diepgaande beginsel. Die apostel Paulus het in sy lewe baie beproewings beleef, maar hy beklemtoon hierdie sleutelbeginsel soos deur die Here gegee: “Ek het julle in alles getoon dat ons deur so te arbeidie swakkes moet help en die woorde van die Here Jesus moet onthou, dat Hy gesê het: Dit is saliger om te gee as om te ontvang” (Handelinge 20:35).

U ken moontlik die verhaal van die Barmhartige Samari-

taan. 'n Wetgeleerde het die vraag wat Jesus aan hom gestel het, korrek beantwoord en te kenne gegee dat hy die opdrag van God verstaan, dat ons ons naaste sal liefhê soos onself (Lukas 10:25-28). Let egter op: “Maar hy wou homself regverdig, en sê vir Jesus: En wie is my naaste?” (Lukas 10:29). In antwoord hierop vertel Jesus die gelykenis van 'n priester en 'n Leviet wat gerespekteerde lede van die samelewing was maar hulle het verkies om verby 'n man te loop wat deur rowers aangeval was, sonder om hulp aan te bied. In plaas daarvan het die gewonde man die hulp wat hy nodig gehad het van 'n Samaritaan ontvang – 'n man op wie die Joodse bevolking van destyds neergesien het en hy was selfs bereid om die uitgawes te betaal vir die versorging van die slagoffer (verse 30-35). Toe vra Jesus vir die wetgeleerde, “Wie dan van hierdie drie, dink jy, was die naaste van hom wat onder die rowers verval het? En hy [die wetgeleerde] antwoord: Hy wat barmhartigheid aan hom bewys het. Toe sê Jesus vir hom: Gaan en doen jy net so” (verse 36-37).

Indien ons ons naaste liefhet en hulpbehoewendes help, verminder ons spanning en het ons 'n meer positiewe siening van die lewe. Al kry ons self swaar is dit nodig dat ons aan ander mense goed doen. Ons lees: “So laat dan ook die wat volgens die wil van God ly,

hulle siele aan Hom as die getroue Skepper toevertrou met goeie dade” (1 Petrus 4:19). Of, soos dit in die Nuwe Afrikaanse Vertaling gestel word: “Daarom moet dié wat ly omdat God dit wil, hulle lewe toevertrou aan die getroue Skepper, en aanhou goed doen.” Ja, God verwag dat ons ons naaste sal liefhê en voortgaan om aan ander goed te doen, selfs wanneer ons spanning ondervind. Ons kan daarby baat vind om ons fokus na die behoeftes van ander mense te verskuif.

Selfs in die werkplek ontdek sommige ondernemings dat besorgdheid oor die spanning van hulle werkers op die ou end goed is. Vir Mark Bertolini, die voormalige hoofuitvoerende beampte van die Aetna-versekeringsmaatskappy, was dit 'n ontnugtering toe hy vernem dat die mees gespanne 20% van die werkers by sy onderneming jaarliks \$1,500 meer aan gesondheidsorg bestee as diegene wat minder gespanne was. Bertolini het gereageer deur veranderings aan die maatskappy se beleid aan te bring. Om spanning te help verminder, het Aetna nie slegs finansiële spanning aangespreek deur die lone op intreevlak te verhoog en werkers te help om studieleninge terug te betaal nie, maar die maatskappy het ook 'n bonus van \$300 ingestel vir werknemers wat in staat was om vir 20 agtereenvolgende nagte 7,5 uur se slaap

in te kry. Wat was die resultaat? Die werknemers het nie net verslag gegee dat hulle minder spanning ondervind nie, maar die maatskappy het sy bedryfswinsgrens van 8% tot 9,1% verhoog (“*Stressed-out workers spend \$1,500 more on health care each year,*” *CNBC.com*, 19 Junie 2019). Ja, die beginsel van Lukas 6:38 – gee en dit sal aan u gegee word – is selfs op die sakewêreld van toepassing. Wanneer ons volgens die “weg van gee” manier leef, kan ons ons daaglikse spanning en dié van ander mense rondom ons verminder!

Liefde is spontane besorgdheid. Wanneer ons volgens die “gee” wyse leef, kan ons te midde van ons daaglikse spanning floreer. Dit word ook in die tweede groot Gebod gesê: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself” (Matthéüs 22:39).

Geagte lesers, ten spyte van 'n wêreld vol spanning, is dit moontlik om ons vrese, bekommernisse en beklemmings te oorwin? Ja, ons kan dit doen met God se hulp. U kan spanning oorleef én floreer! Pas die strategieë toe wat ons in hierdie artikel deurdink het en dank die Here vir Sy Woord wat met buitengewone groot en kosbare beloftes gevul is om u te help om die oorvloedige lewe te leef wat Hy vir u wil hê! **WvM**

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Waarheen gaan ons van hier af?

Deur John Wheeler

Nadat die NASA-ruimtevaarder Neil Armstrong sy “*one small step for [a] man*” geneem het, kon niemand wat van die prestasie bewus was ooit weer op dieselfde manier na die Maan kyk nie. Voor Apollo 11 was die Maan 'n verafgeleë lig in die hemelruim, wat deur sy gereelde fases beweeg en die mensdom op verskillende maniere gedien het (vgl. Génesis 1:14-18; Deuteronomium 33:14; Psalm 104:19) en soms selfs die fokus van afgodediens geraak het (vgl. Deuteronomium 4:19). Ná Apollo 11 het die Aarde se voorheen geheimsinnige satelliet “die wêreld langsaan” geword. Ja, daar was onbemande landings voor Apollo 11. Vandat Armstrong egter menslike voetspore op die grondoppervlak van die Maan getrap het, het diegene wat op die voorpunt van menslike prestasies staan, gevra: “*Waarheen gaan ons van hier af?*”

Ander bemande sendings in die Apollo-reeks het die Maan bereik asook Apollo 8, wat ons 'n ikoniese foto van ons planeet tydens die Aarde se “opkoms” oor die Maan gegee het. Niemand het egter 'n bemande Maanlandingstuig na sy oppervlak gestuur nie. Ons kan verstaan waarom bewonderaars regoor die wêreld 'n oomblik stilgestaan het toe hulle kennis geneem het dat Armstrong wat die eerste man was om op die Maan te wandel, in Augustus 2012 gesterf het. Ons raak

ontnugter wanneer ons besef dat van die twaalf manne wat op die Maan geloop het, vandag nog net vier leef.

Verower die ruimte?

Neem die bemande sowel as onbemande sendings wat van die Aarde af gestuur is in oënskou – asook die wat ons nog graag wil stuur – dan is die belangrike vraag: “*Waarheen gaan ons van hier af?*” dus 'n baie goeie vraag. Vir diegene wat die Bybel ernstig opneem, word die vraag selfs meer aangrypend wanneer ons lees: “Die hemel [met inbegrip van die Maan] is hemele vir die HERE, maar die Aarde het Hy aan die mensekinders gegee” (Psalm 115:16). Is ons as mense dalk *heeltemal te oorhaastig* om te probeer oorwin wat die Ewige God ons in elk geval wil gee (Romeine 8:28-32; Hebreërs 2:5-8; Openbaring 21:5-7)? Kan ons verwag dat die Goddelike eienaar ons *pogings eendag sal ondermyn* of miskien toelaat dat dit *in duie stort onder hulle eie gewig*? Die rampe van die Columbia- en Challenger-wenteltuie herinner ons daaraan dat ons pogings gepaard gaan met menslike swakheid en gevaar.

Neil Armstrong is geprys omdat hy persoonlike integriteit sowel as tegniese vaardighede in sy taak gekombineer het. Sal die mensdom altyd sy voorbeeld volg namate ons die ruimte invaar? *Nie in ons huidige situasie nie!* Om te kan groei, het

die mensdom doelwitte wat uitdagings is nodig, maar die strewe om die wêreld *om* ons te bemeester voordat ons die wêreld *binne* ons bemeester het, is **nie** die regte volgorde vir sulke doelwitte nie! Baie mense erken dit. Hulle sien ons gebrek aan behoorlike rentmeesterskap oor die planeet Aarde, van die lewe daarop en van ons eie sake en hulle sidder om te dink aan wat sal gebeur as ons ons algemene gebrek aan goeie karakter in die ruimte uitbrei. Ons het inderdaad begin om dit te doen deur middel van waarneming, ruimtewapentuig en selfs massas “ruimterommel”. Ons *sal* nog baie, baie erger dinge doen indien ons net die kans kry.

Hoop vir die toekoms

Gelukkig sal die dag kom wanneer die Skepper van die heelal ons sal lei om ons samelewing “van nuuts af” op te bou. Na 'n duisend jaar van Sy wyse regering en 'n laaste Dag van Oordeel (Openbaring 20:4-6, 12-13), sou die mensdom die regte manier geleer het hoe om die Aarde en die lewe daarop te regeer, soos dit vanaf die begin God se bedoeling was. Dan sal elke sterrestelsel, elke ster en elke planeet, Maan en asteroïde, waar dit ookal gevind kan word, “bure van wêreld langsaan” vir ons as God se verheerlikte kinders wees en ons sal saam met Hom heers oor alles wat bestaan, tot in alle ewigheid! **WYM**

Ongelukkig vir altyd daarna?

Deur Gerald Weston

Sosiale beplanners skryf 'n storie wat ontwerp is om u kinders van die werklikheid af te rokkel ...

Geleenthede soos “Drag Queen Story Time” vertel deesdae 'n werklik ontstellende storie aan kinders en dit sal nie 'n baie gelukkige einde hê nie.

Die jong mense word vandag 'n heel ander storie wysgemaak as dit wat deur vorige geslagte gehoor is. By openbare skole, biblioteke en in akademiese kringe hoor hulle 'n storie wat die betekenis van bekende konsepte verdraai en selfs die begrip van wat dit beteken om 'n seun of 'n meisie te wees. U kan verseker wees dat die storie nie die “gelukkige einde” sal hê soos wat die storievertellers sou wou hê u sal glo nie.

Dink aan “*Drag Queen Story Time*”, 'n geleentheid wat tydens die “*Pride Month*”-vierings die afgelope Junie in Albuquerque, New Mexico gehou is. Volgens die *Albuquerque Journal* het honderde klein kindertjies en hulle ouers op 15 Junie 2019 by die biblioteek in die middestad opgedaag, waar die selferkende “*drag queens*” – biologiese manne wat soos vroue aangetrek is – dikwels uitheems – stories vertel het en die kinders genooi het om saam te dans en liedjies te sing soos “*If You're Happy and You Know It*” en “*The Wheels on the Bus*.” Hierdie onskuldige kleintjies, meestal

tussen drie en sewe jaar oud, het ongetwyfeld die geleentheid geniet en ouers het hulle vreugde uitgespreek oor die geleentheid om hulle kinders bekend te stel aan hierdie verset teen gevestigde seksuele rolle (“*Drag queens dazzle at library storytime*,” 15 Junie 2019).

“Dit is uiters belangrik om kinders te leer dat dit in orde is om anders te wees en hulleself uit te druk op maniere wat anders is as wat die gemeenskap voorheen gesê het 'normaal' is”, het een van die *drag-queens* gesê wat met die kinders gemeng het en vir hulle stories gelees het, met titels soos “*Kindness Makes the World Go Round*,” “*We're All Wonders*” en “*Celebrate You*.” Daar is beslis niks mee verkeerd om kinders te leer om vriendelik te wees nie, maar u kan maklik raai dat vriendelikheid nie al is waaroor hierdie stories gegaan het nie. Dit gaan egter die verstand van enige regdenkende mens te bowe oor hoe kinders daarby kan baat vind as selfs op die oog af opbouende stories aan hulle vertel word deur mans wat vroulike

kleredrag en grimering dra.

Dit mag dalk onsmaaklik wees om hierdie soort inligting in 'n tydskrif soos die *Wêreld van Môre* te lees, maar ons moet die werklikheid in die gesig staar. Hierdie ontwikkelings is meer ontstellend en gevaarliker as wat u wysgemaak word. Die verregaande gedrag wat deur die beplanners van hierdie gebeure voortgedryf word, word geleidelik al hoe meer aanvaar deur die grootste deel van die samelewing. Ons wêreld het op 'n plek gekom waar gedrag wat vroeër botweg as afwykend veroordeel is, nou beskou word as “geskik vir alle ouderdomme” en selfs vir die jongste kindertjies! U en ek betaal daarvoor deur middel van ons belasting, wat help om openbare biblioteke en ander instellings te ondersteun.

Ja, maatskaplike beplanners maak jag op u kinders en hulle doen dit heel “onbeskaamd”. Hulle is al dekades lank op universiteitskampusse bedrywig, hoewel baie ouers nie bewus is van die volle omvang van hulle aktiwiteite nie. Die meeste ouers is besig om geld te

verdien om hulle kinders se opvoeding te help betaal. Hulle glo dat hulle kinders universiteit toe moet gaan indien hulle in die toekoms 'n goeie werk wil kry. Hulle werk hard om dit moontlik te maak – ewe gerus oor wat hulle kinders *werklik* geleer word en die regte prys wat hulle betaal. Was hulle immers nie self op universiteit en het dit oorleef nie? Die akademiese wêreld van vandag is egter ver verwyder van die een wat hulle slegs een of twee geslagte gelede geken het.

Wat skuil agter die storie?

“*Drag Queen Story Time*” is 'n Britse voortvloeiende van Amerikaanse “*Drag Queen Story Hour*” en albei het dieselfde doel: Indoktrineer kinders sodat hulle abnormaal as normaal aanvaar. Albuquerque se bydrae tot hierdie doelwit was duidelik 'n klinkklare sukses: “Kinders en gesinne van alle ouderdomme het op die grondverdieping gesit, met kleurvolle blomkranses en geklee in alle kleure van die reënboog, om te luister na Cruse en Patricks wat hardop gelees word ... Vanweë die positiewe reaksie het personeel van die biblioteek gesê dat hulle waarskynlik *Drag Queen Story Time* 'n gereelde instelling sal maak”.

Dit is nie te sê dat die geleentheid sonder teenkanting verloop het nie: “Ongeveer vyf minute na die eerste storie begin het, het 'n vrou agter in die kamer op die *drag queens* geskree om 'op te hou om ons kinders seer te maak'. Sy was deur die gehoor

uitgejou en deur die sekuriteit uit die gebou begelei, verby 'n klein groepie betogers wat buite die biblioteek bymekaar gekom het met bordjies met boodskappe soos 'Los kinders uit! *Drag queens* gaan huis toe” (*ibid.*). In werklikheid was daar sterk protesoptrede teen die aktiwiteit te wagte en dit het gebeur net soos verwag was. Daar is inderdaad steeds diegene wat die gevaar besef van wat besig is om die samelewing in te haal en voel dat hulle hul stemme moet verhef om die radikales nie loshande te laat wen nie. 'n Mens wonder egter hoe lank sulke “andersdenkendes” toegelaat sal word.

Volgens *DragQueenStoryTime.com* beoog die program “om die verbeelding en die pret van geslagsvloeibaarheid van die kinderjare aan te wakker, terwyl dit kinders glansryke, positiewe en onbeskaamde homoseksuele rolmodelle gee”. Wat moet die ouers dink wat hulle kinders na sulke geleenthede toe neem? Is dit regtig die individue waarna hulle wil hê dat hulle kinders na sal opsien as “rolmodelle”? Wat gaan hulle dink as Johnny by die huis kom en verklaar dat hy soos die *drag queen* wil wees wat hy een keer tydens storietyd in die openbare biblioteek gesien het? Is dit wat ouers werklik vir hulle kinders wil hê? Indien wel, hoe siek!

Om die woorde van Judy Zuckerman, die direkteur van Jeug- en Gesinsdienste in die Brooklyn Openbare Biblioteek te gebruik, is “*Drag Queen Story Hour* 'n prettige en belangrike

program wat diversiteit besing op 'n manier waarop kinders kan aantrek en optree. Dit moedig kinders aan om by gedragstereotipes verby te kyk en onbeperkte selfverkenning aan te gryp. Programme soos *DQSH* moedig die aanvaarding van verskille aan en help om afknouery te voorkom, terwyl dit 'n aangename literêre ervaring bied” (*DragQueenStoryHour.org*).

Weereens, wil ouers regtig hê dat hulle kinders “ongebonde verkenning van die self” sal aangryp? “Selfuitlewering” is sekerlik een van die vele valse gode van hierdie tyd, maar behalwe dit, wil ouers wêrelik hê dat hulle kinders *drag queens* word en hulleself uitdruk in gedrag wat baie mense steeds beskou as fundamenteel abnormaal? Ongelukkig is dit duidelik dat sommige ouers *wil* hê dat hulle kinders verward sal wees oor hulle natuurlike biologiese status, soos blyk uit die feit dat sommige beroemde en ander mense probeer om hulle kinders “geslagsneutraal” groot te maak.

Die ongelukkige gevolge van verskriklike storievertelling

Dr. Miriam Grossman, 'n sielkundige aan die Universiteit van Kalifornië, Los Angeles – 'n vooraanstaande skool vir hoër onderwys – het 'n belangrike waarheid in haar boek, *Unprotected*, in 2006 geopenbaar. In 'n onderhoud met *National Review* bespreek dr. Grossman haar werk:

“Ek bespreek 'n taboe-onderwerp hier: Die gevare van radikale sosiale agendas in my beroep. My kollegas het goeie beoelings en gee baie om vir hulle pasiënte. Sentrums vir berading op die kampusse is besig om die idee te bevorder dat manne en vroue dieselfde is. Hulle onderrig jongmense nie oor die toekoms en die gesin nie. In hierdie kwessies wat so belangrik tot die gesondheid en berading van die kampus is, faal ons ons jong mense” (*Unprotected*, 6 Desember 2006).

Daar is 'n verskuilde agenda agter die sosiale tendense in ons wêreld. Ongelukkig is daar te veel mense wat nie hiervan bewus is nie en bloot aanvaar dat die enigste motivering vir programme soos *“Drag Queen Story Time”* is om afknouery te voorkom. Afknouery is onaanvaarbaar, maar wat ons vandag sien, is dat die wat geboelie is, die boelies geword het en probeer om alle teenkating teen hulle wêreldbeskouing te smoor. Om die waarheid te sê, diegene wat in die verlede afgeknou is, is nie altyd diegene wat die grootste druk uitoefen om hierdie sosiale veranderinge te bewerkstellig nie. Linkse ideoloë en anargiste spits hulle daarop toe om elke oorblyfsel van die Bybelse ontwerp van die gesin te vernietig. Soos dr. Grossman in haar boek verduidelik:

“Daar is sewentien miljoen studente wat by ons land se kolleges en universiteite ingeskryf is. Baie van hulle is nog adolessente wat beïnvloedbaar en verward is; hulle is op 'n kritieke stadium in hulle ontwikkeling en bevraagteken wie hulle is en wat hulle wil hê ... As ouer weet ek dat agter die meeste studente 'n moeder en vader is wat bekommerd is, wat hoop en bid vir hulle kind. Ek wil hulle waarsku; benewens 'n uitspattige gedrinkery en afspraakverkragting, is daar 'n ander gevaar op die kampus wat u aandag vereis. U neem waarskynlik aan dat, indien dit nodig is, u kind die sentrum vir studentegesondheid of -berading sal besoek ... die dokter of terapeut 'n neutrale persoon sal wees wat objektiewe inligting en leiding sal gee. Dink weer! Die verpleegster wat u dogter oor herpes leer, die maatskaplike werker wat u seun gerusstel oor sy homoseksuele gedagtes – hierdie mense het moontlik 'n visie vir sosiale verandering waarmee u nie saamstem nie. Hulle sien moontlik hulle werk as 'n geleentheid vir aktivisme en een van hulle doelwitte is om u kind te beïnvloed ... Hulle mikpunt is 'n androgene kultuur, waar die verskille tussen manlik en vroulik as onbenullig beskou word of ontken word en die

band tussen hulle van uitsonderlikheid beroof word” (*Unprotected*, bl. xx-xxi).

Hierdie radikale agenda het wortel geskiet en uitsers gewild onder milleniales, *Gen-Xers* en die media. Die tekens daarvan is duidelik vir almal om te sien. Hoe ver sal dit gaan? Wat kan u as ouer of grootouer doen? Is daar enigsins goeie nuus op die horison?

'n Ongelukkige einde word voorspel

Terwyl hierdie veranderings in ons samelewing oënskynlik van nêrens af gekom het nie, is dit nie 'n verrassing vir lesers van die *Wêreld van Môre* nie. O ja, die mate, die spoed en die diepte waarteen hierdie afwaartse spiraal plaasvind is verbasend, maar die rigting is nie, want ons het die morele agteruitgang in ons Westerse nasies al dekades lank voorspel. Hoé sleg dit gaan raak, is moeilik om te sê, maar dit sal baie erger word as wat ons ons kan indink voordat dit beter sal word – maar wees verseker, dit *sal* uiteindelik beter gaan.

Ernstige geskiedenisstudente erken dat groot nasies en wêrelddryke uiteindelik agteruitgaan en tot 'n val kom. Ons het egter 'n groter Bron wat die toekoms van die nasies van Britse afkoms en Amerika openbaar asook die toekoms van die hele wêreld. Daardie Bron is die Bybel en die voorspellings daarvan is so seker soos dat die son sal

opkom en ondergaan.

Die Bybelse profeet Jesaja het die mense van sy tyd gewaarsku: “Hoor die woord van die HERE, owerstes van Sodom! Luister na die wet van onse God, volk van Gomorra” (Jesaja 1:10). Die twee stede Sodom en Gomorra was bekend vir hulle afwykende seksuele gedrag. Tot vandag het die termes “sodomeer” en “sodomie” ’n negatiewe konnotasie. Min Bybelgeleerdes – baie minder as dié wat nie geleerdes is nie – erken dat die profesieë van Jesaja nie net aan die Jode van sy tyd gerig was nie, maar ook aan die Huis van Israel, wat bestaan uit die nasate van die broers van Juda wat sal leef in die eindtyd.

God het ’n bevel gegee teen die dra van klere wat eie aan die drag van die teenoorgestelde geslag is. “’n Vrou mag geen mansklere dra nie, en ’n man mag geen vroueklere aantrek nie; want almal wat dit doen, is vir die HERE jou God ’n gruwel” (Deuteronómium 22:5). Dit verwys nie na vroue wat ’n broek dra wat vir vroue ontwerp is of ’n Skot wat ’n Skotse rokkie dra nie. Inteendeel, die opdrag van die Skrif is dat God ’n *duidelike onderskeid* wil hê, nie verwarring nie – manne behoort manne te wees en vroue behoort vroue te wees. Dit is ongetwyfeld hier waar Paulus vandaan kom toe hy verklaar het: “Of leer die natuur self julle nie dat as ’n man lang hare het, dit vir hom ’n oneer is nie”? (1 Korinthiërs 11:14) voordat hy verduidelik dat vroue oor die algemeen langer hare as

manne behoort te hê.

God neem nie die beordering van die LGBTQA + -lewenswyses ligtelik op nie. Die apostel Paulus maak dit baie duidelik in Romeine 1:24-27. Hy betig nie net die mense wat sulke lewenswyses beoefen nie, maar ook die mense wat dit goedkeur (Romeine 1:32). Diegene wat aan God getrou is, behoort ywerig vir die samelewing te bid en hulle te waarsku teen die sondes wat hulle sal inhaal, hoewel hulle nie toegelaat word om hierdie mense te oordeel nie. Nietemin, die Woord en *wil* van God is duidelik: Die mens se verwering van Sy weë sal ons duur te staan kom, veral naby die eindtyd, wanneer Sy toorn bekend gemaak sal word (Jesaja 58:1; Romeine 1:18).

Die term “LGBTQA +” wat hierbo gebruik word, is by verre nog nie die hele storie van die versameling 'lewenstyle' wat deur die hedendaagse seksuele kampvegters daarvan bepleit word nie. Dit is egter nodig dat u die laaste twee letters in daardie etiket verstaan: Die “A” staan vir “bondgenote” en dit is dié mense wat hierdie gedrag goedkeur en bepleit en die “+” dui aan dat die lys van vreemde gedrag nog nie volledig is nie. Wie kan voorspel watter nuwe gedrag nog tot hierdie polities korrekte “beskermdes lys” bygevoeg sal word?

Praat die waarheid in liefde

Dit is belangrik om alle Skrifgedeeltes in ag te neem sodat niemand die boodskap

van die Bybel verkeerd verstaan nie. Dit is duidelik dat die kleredrag wat eie aan die drag van die teenoorgestelde geslag is asook ander gedrag, volgens die Bybel afskuwelik genoem word. Terselfdertyd bied die Bybel hoop vir misleide individue wat vasgevang is in sulke gedrag – baie meer hoop as wat ooit gevind kan word by die selfvoldane individue wat die woorde van God verstaan, maar weier om hulle gesindheid dienoooreenkomstig te verander. Die Bybel spreek daardie gesindheid aan, waar Christus se veroordeling aangeteken is van diegene wat Sy wonderwerke gesien het, maar geweier het om hulle van hulle sondes te bekeer:

“Wee jou, Górasin, wee jou, Betsáida! want as in Tirus en Sidon die kragtige daade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle hul lankal in sak en as bekeer het. En jy, Kapérnaüm, wat tot die hemel toe verhoog is, jy sal tot die doderyk toe neergestoot word; want as in Sodom die kragtige daade plaasgevind het wat in jou plaasgevind het, sou hy bly staan het tot vandag toe. Maar Ek sê vir julle dat dit vir die land van Sodom verdraagliker sal wees in die oordeelsdag” (Matthéüs 11:21, 23-24).

Ons moet die waarheid praat: Daar is ’n diepgaande verskil tussen reg en verkeerd en die Woord van God bepaal die verskil. Ons behoort te

onthou dat ons almal per slot van rekening sondaars is wat ons van ons eie bose daade moet bekeer. Ons behoort dit nooit ons plig te ag om die oordele van God uit te deel nie en besef dat “die toorn van 'n man bewerk nie die geregtigheid voor God nie” (Jakobus 1:20). In plaas daarvan behoort ons te bid vir genade aan alle mense. Om beter te verstaan hoe God vir elke mens die geleentheid sal gee om tot bekering te kom, kontak een van ons streekkantore. Die adreslys verskyn op bladsy 2 en vra ons gratis eksemplaar aan van *Is Hierdie die ENIGSTE Dag van REDDING?* of lees dit aanlyn op wvm.co.za.

Die profeet Jeremia bied 'n gepaste beskrywing van die moderne huis van Israel: “Want my volk is dwaas; My ken hulle nie; dwase kinders is hulle, en hulle is onverstandig; slim is hulle om kwaad te doen, maar om goed te doen, weet hulle nie” (Jeremia 4:22).

Wanneer volwassenes hulle soos 'dom kinders' gedra en hulle kinders leer om diegene aan te prys wat biologiese feite en selfs die opvallendste waarhede verwerp, wat kan ons verwag? Die profeet Hosea gee die antwoord. Let op hierdie skrikwekkende waarskuwing: “My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jý die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp [bv. 'n leraar van wát rég is] nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God

vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet” (Hoséa 4:6).

Waarom God se woede?

Dit is vir baie mense maklik om God se plan, Sy doel en waarom Hy sekere gedrag veroordeel, verkeerd te verstaan. Terwyl Hy die Tien Gebooië gegee het, was dit nie om die mens te straf nie, maar om ons te wys dat sekere gedrag altyd verkeerd is en pyn en lyding tot gevolg sal hê. Minstens drie van Sy gebooië beskerm spesifiek die gesin: Die opdragte om ons moeder en vader te eer, die opdrag om nie egbreuk te pleeg nie en die opdrag om nie dit wat aan u naaste behoort, te begeer nie. Dit sluit sy of haar eggenoot in (Exodus 20:12, 14, 17).

Die Tien Gebooië is ook opgeteken in Deuteronómium 5, waar God die feit betreur het dat Sy volk dit nie in hulle harte gehad het om Hom te gehoorsaam nie. Let op *waarom* Hy wil hê dat ons aan Hom gehoorsaam sal wees: “Ag, as hulle maar so 'n hart gehad het om My te vrees en al my gebooië altyd te onderhou, dat dit met hulle en hul kinders vir ewig goed kan gaan” (vers 29). Ja, God weet die beste. Hy weet wat werk en wat werk nie. “God is liefde” (1 Johannes 4:8, 16) en Sy Wet is “die wet van vryheid” (Jakobus 2:11-12) – dit bevry ons van gedrag en verslawing wat pyn meebring.

God beveel ouers om hulle kinders Sy weë te leer vir hulle eie *beswil*. Net nadat hy die Tien Gebooië herhaal het, het Moses

die ouers opdrag gegee: “En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daarvoor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan” (Deuteronómium 6:6-7). Hierdie opdrag is baie duidelik en ouers wat dit nie doen nie, stel hulle kinders in gevaar.

Bepaal die leerstelling van verdraagsaamheid teenoor mense wat anders dink en optree as onself, dat ons die misleidings ondersteun van diegene wat verward is oor hoe hulle geskape is? Behoort ons die lewenstyle goed te keur wat in stryd met die lewenswyse is wat ons Skepper vir ons ontwerp het? Behoort ons die soort gedrag aan kinders bekend te stel terwyl hulle te jonk is om te verstaan waarvoor dit gaan? Behoort ons nie liever ons kinders te leer om vriendelik teenoor alle mense te wees en terselfdertyd vir hulle duidelikheid te gee oor wat reg en verkeerd is nie?

Die boodskap van die *Wêreld van Môre* is dat daar 'n tyd kom wanneer ons wêreld op 'n ander manier onderrig sal word as wat dit vandag gedoen word. Die duiwel wat die verloop van hierdie huidige bose wêreld organiseer, sal uit die weg geruim word. Hy sal nie meer toegelaat word om mense te verwar oor wie en wat hulle is en oor die groot doel wat God vir hulle in gedagte het nie. Die Wet van God sal die fondament van kennis wees. Kinders sal

Londen Roep 5G – Revolusie of ramp?

Deur Simon R. D. Roberts

Het u al van 5G gehoor? Indien u het, besef u wat dit inhou en wat dit vir u en u gesin mag beteken? Indien u 'n slimfoon gebruik en selfs al gebruik u dit nie – behoort u besorg te wees, want dit is baie waarskynlik dat 5G binnekort sal kom na waar u woon. Daar heers toenemende opgewondenheid oor die moontlikhede daarvan. Daar bestaan egter ook ernstige kommer oor hoe dit ons almal se gesondheid, die omgewing en kuberveiligheid sal beïnvloed. Sal dit revolusionêr wees of 'n planetêre ramp?

5G is die vyfde generasie mobiele netwerkdienste en is op klein skaal kommersieel bekendgestel deur al die groot Verenigde Koninkryk se selfoonoperateurs in 2019. Soortgelyke bekendstellings vind plaas in China, Japan, Suid-Korea, sommige lande van die Europese Unie en die Verenigde State. 5G bied hoë-spoed, byna oombliklike (“*super-low latency*”) kommunikasie tot 1,000 keer vinniger as 4G. Dit word bereik deur hoër frekwensies in die elektromagnetiese (radio frekwensie) spektrum te gebruik om te kommunikeer en deur die toename in die genoemde *bandwydte-effektiwiteit*. Dit beteken dat meer gebruikers met meer verbindingspunte in 'n beperkte geografiese gebied gekoppel kan word.

Waarom 5G?

U mag dalk vra: “Waarom het ons 5G nodig? Ons kan alreeds soveel ongelooflike dinge met

4G doen”.

Die nuwe, vinniger standaard sal dit wat gereeld die *Internet of Things* genoem word, moontlik maak – die draadlose konneksie om inligting oor alledaagse items in te samel, te ontleed en te verwerk. Hierdie voorwerpe kan enigiets wees, met inbegrip van alledaagse huishoudelike toestelle, plaastoerusting, horlosies en wekkers, waterleiding, verskillende robotte, hospitaal-apparaat en selfs die rekenaars en masjiene wat deur besighede en nooddienste gebruik word – alles kan deur middel van 'n netwerk gekoppel word, toegang daartoe verkry en gemonitor word. 5G sal dit moontlik maak vir motors om self te bestuur en met mekaar en met verkeersmoniteringstelsels te kommunikeer wat dit moontlik maak om ongelukke te voorkom deur tot 200 keer vinniger as menslike bestuurders te reageer. Daar is wêreldwye moontlikhede en potensiaal wat net wag vir die verstandelike vermoë van die mens om dit te verken.

Die groot fokus van 5G-entoesiasme gaan oor die geweldige toename in rekenaarvaardighede vanweë massiewe vooruitgang in kommunikasie en buitengewone hoeveelhede data wat oorgedra kan word. Kenners meen dat hierdie ontwikkeling die potensiaal mag hê om 'n nuwe Nywerheids-Revolusie te veroorsaak, werk te skep en die nasionale ekonomie 'n hupstoot

te gee. Vooruitskattings dui daarop dat ons in die volgende paar jaar letterlik miljoene 5G-basisstasies op aarde en 20,000 nuwe 5G-satelliete in 'n lae Aarde-wentelbaan kan sien, wat aan 200 miljard uitsenders gekoppel is.

'n Breër implementering van 5G gaan egter aansienlike belegging en tyd verg voordat dit ons woonbuurte gaan bereik. In vergelyking met 4G-seine wat die luggolwe in alle rigtings dek, kan 5G by frekwensies van 10 tot 300 GHz (gigahertz) en 'n golflengte van een millimeter, nie deur geboue of bome dring nie en kan dit selfs deur reënval versteur word. Om hierdie struikelblokke te oorkom, behoort 5G gespasiëerde basisantennas wat verskeie smal, stuurbare, hoë-kragseine uitstuur net 200 meter van mekaar in 'n netwerk geplaas te word. Soortgelyke antennes in al die 5G-toestelle, hetsy stilstaande of bewegend, sal probeer om 'n ononderbroke verbinding met die antennes by die basis te bewerkstellig. Die bestaande wetgewing sal toelaat dat hierdie seine minstens tien keer kragtiger kan wees (tot 20 watt) as die huidige 4G-seine.

Gesondheids- en sekuriteitsrisiko's

Sommige mense voer aan dat onvoldoende onafhanklike veiligheidstoetse op 5G-tegnologieë uitgevoer is om die impak daarvan op menslike gesondheid of die omgewing te

bepaal. In die Verenigde State glo baie mense dat die Federale Kommissie van kommunikasie nie voldoende regulering van die 5G-industrie voorsien nie. In 'n poging om dit teen te werk, het sommige groepe protesoptogte gereël, soos byvoorbeeld die petisie “*International Appeal: Stop 5G on Earth and in Space*” – sedert Augustus 2019, met meer as 130,000 onderkenars uit meer as 198 lande. Hulle wil voorkom dat 5G-netwerke in werking gestel word voordat daar nie méér navorsing gedoen is oor die potensiële gesondheidseffekte van die tegnologie nie. Een van die handtekeninge is dié van dr. Martin Pall, die emeritus-professor van die Departement vir Biochemie en Mediese Wetenskappe aan die *Washington State University*, wat sê: “Om miljoene antennes te op te rig sonder 'n enkele biologiese veiligheidstoets, is waarskynlik die domste idee wat iemand nóg in die geskiedenis van die wêreld gehad het” (*5G: Great Risk for EU, U.S. and International Health*, bl. 81).

Ander mense benadruk die kuberveiligheidsrisiko wat die 5G-mobiele netwerke en infrastruktuur inhou. Hulle neem die feit in ag dat die Chinese tegnologiese reus Huawei 'n leier op die gebied van 5G-tegnologie is en die afgelope tien jaar \$2 miljard belê het. Dit plaas hulle selfs vóór die V.S. se tegnologiese reus, wat gewoonlik die ontwikkeling van sulke nuwe tegnologieë oorheers. In die geval van 5G, “lyk dit asof die V.S. verloor” en “dat China se voorsprong in 5G, die V.S. van stryk bring”, volgens 'n artikel in die *Time* tydskrif van 23 Mei 2019. Die V.S. regering

vereis sedertdien dat Amerikaanse maatskappye 'n spesiale lisensie sal kry om met Huawei sake te doen, wat tot gevolg het dat verskeie V.S. tegnologiereuse hulle bande met die firma verbreek. Die kommer wat uitgespreek is, gaan oor kuberspionasie en daar word gesê dat Huawei 'n pion van die Chinese regering is. Volgens die tydskrif *Time* is die vrees dat sodra alles – fabrieke, krag-sentrales, hospitale, lughawens en meer – deur 5G met mekaar verbind is, 'n voortgesette kuberaanval 'n sosiale ineenstorting kan veroorsaak. Die EU en die V.K. steun die gebruik van Huawei hardeware in *nie-kritieke* 5G-installasies, tot die ergernis van die V.S., wie se leiers nie wil hê dat hulle bondgenote van Chinese tegnologie afhanklik sal wees nie.

Nuwe geestelike omgewing

Natuurlik hoop baie mense dat 5G 'n beter wêreld sal inlei en hoop ook dat die kommer oor die tegnologie oordrewe is. Wanneer ons dink aan hoe die samelewing 5G-tegnologie *tans* gebruik, kan ons ongelukkig daarvan seker wees dat die mensdom dit sal gebruik vir goed sowel as vir kwaad. Profesie is duidelik en die mensdom maak steeds gebruik van die middele wat tot sy beskikking is om 'n wêreld te skep wat gebuk gaan onder korrupsie en smag na 'n beter tydperk om te kom (Romeine 8:22-23).

Wat kan ons op geestelike vlak hieruit leer? Indien die strewe na 5G verwesenlik kan word, is die wêreld op die punt om verstrengeel te raak in 'n radikaal vreemde elektro-

magnetiese omgewing wat ons self geskep het. Die luggolwe sal daarvan *deurtrek* wees; dit sal ons *omvou* soos 'n kombors en ons op onbekende, onvoorsiene maniere beïnvloed, maniere wat moontlik nadelig vir ons gesondheid is. Ons sal dit nie sien of hoor nie, maar ons sal weet dat dit daar is.

Waarvan die meeste mense onbewus is, is die feit dat ons reeds deur 'n soort *geestelike* uitsending omring is, wat voortdurend teen ons welstand inwerk. U Bybel verduidelik dit in Efésiërs 2:2 wat na Satan verwys as “die owerste van die mag van die lug” wie hierdie wêreld deurdrenk en omvou met sy goddelose maniere en gedagtes. Net soos radiogolwe word hy nie gesien of gehoor nie, maar sy bose invloed is oral om ons. Die Skrif verseker ons dat hy daar is.

Die Evangelieboodskap wat ons verkondig, handel oor 'n *radikaal anders* geestelike omgewing wat binnekort oor die hele wêreld sal strek. Satan se omgewing sal deur die Wederkoms van Jesus Christus “afgeskakel” word. Kan u uself 'n wêreld voorstel waaruit hierdie afbrekende invloed heeltemal verwyder is? Die Bybel beskryf dat die aarde gedurende daardie tyd “sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seabodem oordek” (Jesaja 11:9). Alle lewe sal floreer en voorspoedig wees in hierdie nuwe, getransformeerde geestelike omgewing en die resultaat sal vrede, goeie gesondheid en geluk wees – 'n pragtige wêreld wat herstel is en uiteindelik in harmonie met sy Skepper sal wees (Handelinge 3:21). **WvM**

Vrae & Antwoorde

Behoort u ooit heldersiene persone te raadpleeg?

VRAAG: Is dit ooit aanvaarbaar om inligting by “heldersiene persone” soos spiritistiese mediums of fortuinvertellers te soek? Dit lyk asof baie mense baie hulp en vertroosting uit sulke inligting ontvang. Wat sê die Bybel hieroor?

ANTWOORD: Toe die Israeliete op die punt was om die Beloofde Land binne te gaan, het God hulle gewaarsku om nie die gruwels van die nasies wat Hy voor hulle uitdryf na te volg nie (Deuteronomium 18:9). God het daardie nasies se gedrag as verfoeilik beskou omdat hulle “luister na goëlaars en waarsêers” (vers 14). Hy het die Israeliete uitdruklik verbied om deel te neem aan die gruwels van daardie nasies – met inbegrip van afgodediens, menslike offers, heksery, waarsêery, verklaring van voortekens, towery, goëlyery, bemiddelaars, spiritisme en die raadpleging van dooies (verse 10-12). Die Skrif is onweerlegbaar duidelik daarvoor dat sulke praktyke nie aanvaarbaar is vir diegene wat God wil gehoorsaam nie.

Sommige bedrieërs kan “Christelik” of “heilig” of “welmenend” voorkom. Let egter daarop dat Satan se dienaars regverdig voorkom. Die apostel Paulus het vals apostels soos volg beskryf: “En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig. Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke” (2 Korinthiërs 11:14-15).

Jesus Self het gewaarsku dat “baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei” (Matthéus 24:11). Dit is noodsaaklik om te besef dat diegene wat hulleself “mediums” of “profete” noem, in werklikheid mislei is óf doelbewuste bedrieërs is. God waarsku: “GELIEFDES, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan” (1 Johannes 4:1).

Een voorbeeld van 'n valse profeet is Simon Magus die Towenaar, wat baie mense in 'n Samaritaanse stad mislei het om te dink dat hy “die groot krag van God” was (Handelinge 8:9-11). Nadat Filippus die ware Evangelie van Jesus Christus verkondig het, wou Simon hierdie mag wat gepaard gegaan het met tekens en wonderwerke wat deur die Heilige Gees verrig is, (verse 5-8, 12) koop, maar Petrus het hom bestraf

(vers 20). Petrus het toe gesê: “Bekeer jou dan van hierdie boosheid van jou, en bid God of die gedagte van jou hart jou miskien vergewe mag word. Want ek sien dat jy in 'n gal van bitterheid en bande van ongeregtigheid is” (verse 22-23). Simon Magus die Towenaar het 'n gees van opstandigheid en bitterheid gehad. Sy krag het nie van God gekom nie, maar uit die beoefening van toorkuns. Daarteenoor het Filippus en Petrus die waarheid en gehoorsaamheid aan God se Woord onderrig, gerugsteun deur die onmiskenbare krag van die Heilige Gees. Baie mense het hierdie verskil waargeneem. Hulle was sekerlik bevry van Simon se misleiding en het ware hulp ontvang, wat aanleiding gegee het tot hulle verlossing.

Gedurende die Nuwe-Testamentiese era was 'n groot deel van die “beskaafde” wêreld in afgodediens, demonisme en okkultisme gedompel (Handelinge 17:16; 19:18-20). Ons lees van 'n slavin wat deur 'n waarsêende gees gevul was en wat groot wins vir haar eienaars opgelewer het (Handelinge 16:16-18). Nadat hy deur daardie bese gees lastig geval is, het Paulus die gees beveel om uit die slavin uit te gaan en dit het gehoorsaam. 'n Ware Christen behoort nooit hulp te soek by spiritistiese mediums of paranormale bronne nie, want Satan en sy demone sit direk of indirek agter al hierdie aktiwiteite. Let op die vermaning van die profeet Jesaja: “En as hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel – moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie; moet vir die lewendes die dooies gevra word? Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie” (Jesaja 8:19-20).

Christene moet waak teen alle vorms van heksery en spiritisme. God waarsku dat towenaars in die poel van vuur verbrand sal word (Openbaring 21:8). Daarteenoor sal diegene wat God soek en glo en gehoorsaam is aan wat Hy sê, altyd deur die waarheid gelei word. Soos Jesus Christus tot die Vader gebid het: “Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid” (Johannes 17:17). **WvM**

Keerpunte in wêreldgeskiedenis

Die geskiedenis se belangrikste keerpunt

Deur Douglas S. Winnail

In hierdie reeks artikels van “Keerpunte” het ons deurentyd 'n *belangrike ontbrekende dimensie* in ons moderne wêreldbeskouing asook ons begrip van geskiedenis ondersoek. Terwyl baie mense vandag die bestaan van God betwyfel, het ons herhaaldelik gewys hoe die God van die Bybel *op kritieke* oomblikke in menslike aangeleenthede ingegryp het om die verloop van die geskiedenis te lei, soos Hy alleen dit kan doen (Job 12:23; Daniël 2:21; 4:25, 32, 34). Ons het gesien hoe God Abraham gebruik het om kennis van die ware God te bevorder en hoe Hy spesifieke beloftes gemaak het oor die toekoms van Abraham se nageslag – beloftes wat in verstommende besonderhede vervul is. Ons het ook gesien hoe God se mag die leiers van antieke nasies verbaas het, hoe die boeke van Moses die wette van vandag se nasies beïnvloed en hoe die koms van Jesus Christus die verloop van die geskiedenis verander het. Ons het gedokumenteer hoe die Bybel en sekere Bybelse waardes die unieke basis van die Westerse beskawing voorsien het en hoe Europa teen die Moslem- en Mongoolse invalle beskerm was en waarom Groot-Brittanje en Amerika na vore getree het om dominante magte te word wat ons moderne wêreld gevorm het – alles

volgens God se algehele plan.

Terwyl hierdie en ander onderwerpe wat in hierdie reeks behandel is, onmiskenbare bewys lewer van hoe God deur duisende jare heen in die sake van mense ingegryp het, dui Bybelprofesieë daarop dat nog groter gebeure die toekoms van die wêreld in die komende jare dramaties sal beïnvloed. Hierdie profesieë openbaar ook dat ons op pad na 'n ander *kritieke keerpunt in die geskiedenis* is – 'n keerpunt wat 'n wêreld, wat God se plan vir die mensdom uit die oog verloor het, sal skok en verras.

Die mensdom se moderne dilemma

Baie geleerdes ignoreer of verwerp deesdae die feit dat God bestaan en die verloop van menslike aangeleenthede lei. As gevolg hiervan skryf hulle die opkoms en ondergang van nasies toe aan niks meer nie as toevallige omstandighede, gelukkige of ongelukkige keuses van leiers, onvoorspelbare weer, natuurrampe en net blote geluk. Vanuit hierdie *wêreldse perspektief* laat die gevare wat ons in die gesig staar – wêreldwye besoedeling, epidemiese siektes, wydverspreide armoede, 'n tekort aan voedsel en water wat miljoene mense raak, toenemende geweld en terrorisme, stygende onverdraagsaamheid,

opkomende nasionalisme, die versameling van wapens in wêreldwye brandpunte en die bedreiging van 'n kernoorlog – die toekoms taamlik donker lyk! Sommige kenners waarsku dat 'n “nuwe donker era” op die horison is, aangesien die pilare van die “beskawing” steeds verder verkrummel. Hulle stel dieselfde vraag as *The Telegraph* in 'n hoofopskrif van Januarie 2019: “Is hierdie die jaar waarin die wêreld uitmekaar val?”

In 'n onderhoud met *NBC News*, het Sir Martin Rees, die Britse koninklike sterrekundige, die vraag bespreek of die mensdom hierdie eeu sal oorleef. Hy het opgemerk dat ons in 'n kritieke tydperk leef wat ons toekoms kan bepaal. “Hierdie eeu is van kardinale belang” het hy gesê en gewys op ons potensiaal om “kragtige tegnologie te misbruik en onself te vernietig” (*NBC News.com*, 8 November 2018). Vir sommige mense bevorder die kommerwekkende en hopelose prentjie van die toekoms depressie, ont-snapping deur middel van dwelmmiddels en selfs selfdood onder oud en jonk.

Sal die wêreld egter in 2019 uitmekaar val? Sal ons onself besoedel tot die dood? Sal 'n kernoorlog alle lewe op hierdie planeet uitwis? Sal die foute en verkeerde berekenings van die

mensdom daarop uitloop dat ons “onself vernietig”? Nader ons dalk 'n *uiteindelike en onverwagte keerpunt* wat die verloop van die geskiedenis vir altyd sal verander? Is daar 'n dimensie van kennis wat ons vandag vergeet het en wat vorige geslagte verstaan het?

Die ontbrekende dimensie

Wat baie mense vandag nie besef nie, is dat verwarring oor die toekoms en verlies aan die feit dat hulle hoop verloor het, hand aan hand gegaan het met die kwynende invloed van en belangstelling in Bybelse Godsdienste. Baie teoloë en wêreldse geleerdes, asook leiers in die regering en die media, het die duidelike boodskap van die Skrif *uit die oog verloor of dit verwerp* en hulle bly in die duister oor die ware Evangelie van Jesus Christus. Tog openbaar die Bybel dat Jesus 'n opwindende boodskap oor 'n hoopvolle toekoms gebring het. Jesus het na hierdie aarde gekom om “die evangelie van die koninkryk van God [te] verkondig” (Markus 1:14-15). Hierdie was nie 'n boodskap oor die hemel waar saliges in alle ewigheid 'n harp op 'n wolke sou bespeel nie. Dit was in teendeel 'n positiewe en kragtige boodskap oor 'n toekomstige wêreldregering wat Hy op hierdie aarde sal vestig om vrede en geregtigheid te bring aan alle mense (Jesaja 9:6-7). Daardie regering sal gegrond wees op die Wette van God, wat van Jerusalem af (Jesaja 2:2-4) verkondig sal word en deur Jesus Christus en die heiliges bestuur sal word (Daniël 7:27; Matthéüs 19:28-29). Volgens die Skrifte het “die

koninkryke van die wêreld die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as koning heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15).

Alhoewel dit vandag selde verkondig of gehoor word, het die Evangelie – die goeie nuus wat deur Jesus en die Apostels verkondig is – gehandel oor die duisendjarige regering van Jesus en die heiliges op hierdie aarde (Openbaring 20:4). Soos Edward Gibbon in hoofstuk 15 van sy gevierde werk *The Decline and Fall of the Roman Empire* opgemerk het, was dit hierdie kragtige boodskap wat die vinnige groei van die vroeë Kerk in die jare na Jesus se aardse bediening aangevuur het. Soos Gibbon ook aantoon, is hierdie opwindende boodskap nogtans aangaande die werklike toekoms van die mensdom later *slegs as 'n versinnebeelding afgemaak en daarna as kettery verwerp!* As gevolg hiervan het die grootste deel van die mensdom nog nooit gehoor van die *belangrikste keerpunt* wat die wêreld ooit sal beleef nie of het dit uit die oog verloor.

'n Lewensbelangrike boodskap

Kritici beweer deesdae dat die Bybel slegs 'n verouderde boek vol fabels is en nie van toepassing op ons moderne tyd is nie. Tog beweer die Bybel dat dit die geïnspireerde Woord van God is (2 Timótheüs 3:16) en staaf hierdie bewering met bewyse. (Sien ons gratis boekie *Die Bybel: Feit of Fiksie?* vir meer inligting.) Jesus se ware teenwoordigheid in die geskiedenis is duidelik – sien die geskrifte van Tacitus, Josephus, Plinius die Jongere en

Suetonius vir voorbeelde – Sy invloed op die Westerse beskawing is onmiskenbaar. Jesus het egter uitdruklik gesê: “Ek sal weer kom” (Johannes 14:1-3). Dit is die duidelike boodskap van die Skrif (Markus 13:26; 1 Korinthiërs 15:23; Openbaring 3:11; 22:7, 20).

Jesus het voorspel dat Hy sou terugkeer wanneer die toekoms van die mensdom in die weegskaal sal wees. Sy dissipels het gevra: “Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?” Jesus sê dat wydverspreide godsdienstige misleiding, oorloë en gerugte van oorloë, internasionale twis, toenemende etniese spanning, hongersnood, siektes en natuurrampe, wêreldtoestande sou weerspieël (Matthéüs 24; Markus 13; Lukas 21). Verder het Hy gewaarsku dat wanneer Hy weer kom, die toestande in die samelewing sal lyk soos in die “dae van Noag” toe die HERE gesien het dat “die boosheid van die mens op aarde groot was ... wat hy in sy hart bedink altyddeur net sleg was ... die aarde was verdorwe ... die aarde was vol geweld ... want alle vlees het sy wandel op die aarde verderwe.” (Génesis 6:5-13) Jesus het gesê dat as Hy nie terugkeer om in menslike aangeleenthede in te gryp nie, sal “geen vlees gered word nie” (Matthéüs 24:21-22) – 'n toestand waarheen ons vandag op pad is. Die Bybel meld ook dat spotters in die laaste dae die spot sal dryf met die idee dat Jesus na die aarde sal terugkeer (2 Petrus 3:3-4). Wanneer Hy weer kom, sal die wêreld *geskok* en *verbaas* wees (Matthéüs

24:36-44).

Verder openbaar die Skrif dat die Wederkoms van Jesus Christus “tye van verklikking” en “wederoprigting van alle dinge” sal meebring (Handelinge 3:19-21). Dit sal 'n tyd van vrede wees wanneer mense nie meer “sal leer om oorlog te voer” nie (Jesaja 2:2-4) en “die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE” (Jesaja

11:6-10). Namate die mense sal begin om volgens die Wette van God te leef en Sy seëninge uitgestort sal word, sal die wêreld se natuur herstel word, woestyne sal juig en bloei soos 'n narsing en siektes sal daar nie wees nie (Jesaja 35:1-7). Stede wat verwoes was sal herbou word (Jesaja 61:4; Amos 9:14) en die gesin sal weer die basiese eenheid van die samelewing

wees (vergelyk Maleági 4:6).

Dit is nie 'n sprokie wat te goed is om waar te wees nie. Dit is alles deel van God se plan vir die mensdom. Dit sal teweeggebring word deur die *belangrikste keerpunt in die geskiedenis*: die Wederkoms van Jesus Christus na hierdie aarde.

Sal u gereed wees? **WVW**

Veertien Tekens wat Christus se Wederkoms aankondig

Weet u watter gebeure die grootste gebeurtenis van alle tye – Christus se terugkeer na hierdie aarde – sal aankondig? Leer waarvoor om op die uitkyk te wees in die huidige chaotiese wêreldsituasie, sodat u nie verward of onvoorbereid sal wees nie.

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

Vervolg vanaf bladsy 20 – Ongelukkig vir altyd daarna?

grootword by twee liefdevolle ouers – 'n man en 'n vrou – wat hulle op die regte manier sal leer.

Intussen behoort ouers hulle te skaam wat hulle kinders verwar deur hulle bloot te stel

aan 'n skadelike, bedrieglike storie en 'n verskuilde agenda! **WVW**

Bou 'n VREUGDEVOLLE huwelik

Daar is werklik “sleutels” en beginsels wat die toets van die tyd deurstaan het en wat wel tot 'n VREUGDEVOLLE huwelik kan lei.

Sukses in 'n huwelik hang af van ons gewilligheid om hierdie sleutels TOE TE PAS in ons lewens.

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die sleutels en beginsels vir 'n vreugdevolle huwelik te verkry!

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

49:1), nie na die Jode (die nasate van Juda) nie, maar na 'n ander volk.

“Josef is 'n jong vrugteboom, 'n jong vrugteboom by 'n fontein; sy takke klim oor die muur. Die boogskutters het hom wel geprikkel en hom beskiet en hom bestry, maar sy boog het sterk gebly, en die arms van sy hande was buigsaam, deur die hande van die Magtige van Jakob – daarvandaan waar die Herder, die Steen van Israel, is, van die God van jou vader, wat jou help, en met die hulp van die Almagtige wat jou seën met seëninge van die hemel daarbo, met seëninge van die watervloed wat daaronder lê, met seëninge van borste en moederskoot. Die seëninge wat jou vader ontvang het, oortref die seëninge van die ewige berge, die kostelike gawes van die ewige heuwels. Dit sal wees op die hoof van Josef en op die hoofskedel van die uitverkorene onder sy broers” (Génesis 49:22-26).

Die beskrywing van Josef se eindtydse nasate bevat egter baie meer.

“En van Josef het hy gesê: Geseënd deur die HERE is sy land met die kostelikste gawe van die hemel, met dou en met die wêreldvloed wat onder lê, en met die kostelikste voortbrengsels van die son en met die kostelikste gewasse van die mane en met die vernaamste voortbrengsel van die berge van die voortyd en met die kostelikste gawe van die ewige heuwels en met die kostelikste gawe van die aarde en van sy volheid, en die welbehag van Hom wat in die doringbos gewoon het – laat dit kom op die hoof van Josef en op die hoofskedel van die vors onder sy broers” (Deuteronómium 33:13-16).

Hierdie is nie die beskrywings van die klein staat wat vandag Israel genoem word nie en dit is

nie profesieë oor Juda (die Jode) nie, maar van een van sy broers. Of ons glo dat hierdie profesieë op die Britse en Amerikaanse volke van toepassing is of nie, ons kan nie ontken dat ons volke geseënd is met die keurigste plekke op die aarde nie. Dit is nie dat daar nie ander geseënde plekke op aarde is nie – daar is verseker ander plekke ook. Die rykdom aan minerale bronne en landbou, die militêre mag en strategiese liggings wat aan die bevolking van Amerika en die volke van Britse afkoms behoort, is ongeëwenaard. Nou is hierdie lang en voorspoedige rit van wêreldwye prominensie en mag byna verby.

Dit is tragies vir diegene van ons wat deel van dié nasies uitmaak, dat baie mense in die aangesig van die God spuug wat aan ons hierdie seëninge gegee het. Al hoe meer mense verwerp Sy bestaan en verwerp die Wette wat Hy gegee het vir ons beswil en die beswil van ons kinders. Soos wyle Robert Bork geskryf het: Ons is “besig om af te daal na Gomorra”, 'n stad wat God vernietig het as gevolg van walglike onsedelikheid.

Die profeet Daniël praat van die eindtyd as 'n tydperk waarin “kennis sal vermeerder” (Daniël 12:4). Vandag neem kennis teen 'n tempo toe wat vorige geslagte hulle nooit sou kon voorstel nie. Tog sê die profeet Hoséa vir ons: “My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet” (Hoséa 4:6). Soos Jeremia dit stel: “Want my volk is dwaas; My ken hulle nie; dwase kinders is hulle, en hulle is onverstandig; slim is hulle om kwaad te doen, maar om goed te doen, weet hulle nie” (Jeremia 4:22).

Vir baie langer as wat ons dit verdien, het die Britse afstammeling en Amerikaanse volke die aansien van die wêreld geniet as gevolg van die seëninge wat die Ewige God aan Abraham beloof het. Dit is egter besig om tot 'n einde te kom. Die een weerverwante ramp volg op die ander. Die Engelse is 'n doring in die vlees van die Europese Unie, selfs al erken die EU die belangrikheid daarvan om hulle aan boord te hê. Daar word neergesien op Amerika deur sy bondgenote asook

Onthou asseblief om in te skakel op
Tomorrow's World TV-program van
 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende,
kanaal 263 op DStv.

van sy vyande. Die nasionale skuld van die Verenigde State beloop nou \$22 biljoen en neem steeds toe. Hoe hartseer is dit vir diegene van ons wat deel van hierdie nasies is, dat ons God se seëninge en genade verkwis en oor onself 'n naderende dag van afrekening bring.

Indien u meer wil weet oor die toekoms van die nasies van Amerikaanse en Britse afkoms en wat dit vir u beteken, maak nie saak waar u woon nie, is

u welkom om een van ons streekkantore te kontak. Die lys verskyn op bladsy 2. Vra vir ons gratis publikasie *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* of lees dit aanlyn by wvm.co.za.



Wêreld van Môre

Bybelstudiekursus

Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
 Privaatsak X 3016
 Harrismith, FS
 9880**

**of skakel : 058 622 1424
 en meld dat u navraag doen
 oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**